



4.1. INLEIDING

Sintaksis van poëtiese taalgebruik toon afwykings van gewone standaard taalgebruik weens die voorkoms van verskillende poëtiese stylelemente. Die poëtiese taal voldoen nie aan sintaktiese reëls van standaard taal nie. Gräbe (1992:1) is van mening dat:

Hierdie "andersheid" of "ongewoonheid" sou verklaar kon word uit die feit dat poëtiese taalgebruik onder andere gekenmerk word deur 'n intensiewe en buitengewone eksploitasie van potensiële sintaktiese middele in taal. 'n Eksploitasie wat dan tot gevolg het dat die taalaanwending binne die poësie opvallend gemaak word, deurdat die leser gedwing word om die "andersheid" daarvan op te merk.

Die digter of die spotter in hierdie studie, word deur die effek wat hy of sy wil verkry gedwing om die taal tot sy of haar eie voordeel aan te wend. Grové (1982:20) beweer die volgende omtrent die digter of skepper van woordkunswerke:

Hy het slegs die taal tot sy beskikking en hy moet dit ontwikkel tot 'n noukeurige en gevoelige instrument wat die fynste stemmingsnuanse kan weergee.

In aansluiting hierby beweer Grové (1982:20) dat:

Die digter wend die taal aan op hoogspanning; hy buit bewus en konsekwent die moontlikhede van die taal uit, terwyl die gewone gebruiker dit maar heel selde en dikwels bloot toevallig doen. Die taal van die digter is fyner georganiseer as die van die gewone gebruiker.

Grové (1982:21) stel dat die taal van die digter ryk is aan assosiasies en dat die woord geskiedenis het en dus sluimerende moontlikhede, en dit is juis hierdie moontlikhede wat deur die digter ontgin word. Die spotter as skepper van spottende

gesegdes wend hierdie moontlikhede van taal aan om treffende spottende gesegdes te kan skep.

Sluimerende moontlikhede van woorde behels byvoorbeeld die verskillende betekenismoonlikhede wat woorde in verskillende sinne en kontekste het. Die semantiese geladenheid van woorde word dus deur die letterkundige benut tot die bereiking van bepaalde doelwitte.

Die taalgebruik tydens spotterny het aan die lig gebring dat daar 'n basiese struktuur bestaan wat herhaal word. Die spottende gesegde bestaan dus uit 'n basiese patroon of struktuur. Die spottende gesegdes is dus formulematig. Binne hierdie basiese struktuur skep die spotter die spottende gesegdes en het hy of sy verskillende taalmiddele wat aangewend kan word om sy of haar doel te bereik. Die doel van hierdie hoofstuk is om dié formule-matigheid wat in die spottende gesegdes aangetref word aan te toon. Dit sluit nou aan by die stelling van Fowler (1982:61):

With very short forms, the external structure may reside in word division or grammatical patterning...

Hawkes (1977:59) beklemtoon dat die aantoon van formule-matigheid een van die belangrikste doelwitte van 'n strukuralistiese benadering uitmaak.

4.2. SINTAKTIESE PATROONVORMING

Bhatia (1993:24-30) verdeel die linguistiese analise van genres se tekste soos volg:

- i) Analise van leksiko-grammatiese kenmerke
- ii) Analise van teks patrone of tekstualisering
- iii) Strukturele interpretasie van die teks.

Die stappe van Bhatia hou in dat die woorde, woordgroepe en die sintaktiese gebruike daarvan eerstens kwantitatief ondersoek word. Vervolgens word die formulematigheid of die patrone waarin hierdie woorde, woordgroepe en sintaktiese eenhede aangetref word ondersoek. In die bestudering van die woorde en woordgroepgebruik in die spottende gesegdes word dit vinnig duidelik dat daar 'n vasgestelde patroon bestaan wat telkens herhaal word. Hawkes (1977:56) haal vir Jakobson soos volg aan:

For Jakobson the principal technique is the use of highly patterned language. The poetic use of language involves placing together in sequence items which are grammatically related. Patterns formed by the repetition of similar items will be both more noticeable in poetry than in other kinds of language.

Jakobson word verder aangehaal deur Hawkes (1977:68) waar hy sê:

Grammatical patterning is important, it has effects.

Die spottende gesegdes as poëtiese taalgebruik toon dat dit beskik oor "highly patterned language" en "grammatical patterning"

Die volgende vyf voorbeelde dien as bewysplaas vir hierdie stelling:

Selô sê se setêlêlê / jaaka e kete / thutlwa (Nr.99)

(Hierdie ding is so lank / soos / 'n kameelperd.)

O ditsêjwana / o kare / tsa koko (Nr.67)

(Jy het oortjies / soos / die van 'n hoender.)

O khubu / e kete / talama ya jase (Nr.36)

(Jy het 'n naeltjie / soos / 'n jasknoop.)

O dimpa di ditona / e kare / mogôdu wa kgomo (Nr.27)

(Jy het 'n maag / soos / die blaarpens van 'n bees.)

O tlhôngô / e kete / mankogwane a pêtsha lori.(Nr.16)


(Jy het 'n kop / soos / paddas wat van 'n vragmotor afspring.)

Bogenoemde vyf voorbeelde toon die basiese struktuur wat in al die spottende gesegdes aangetref word, naamlik 'n eerste lid, komparatief as inleidende lid en die komplementêre lid.

Die eerste lid behels die woorde of woordgroepe waarin die onderwerp van bespotteling gestel word. Die onderwerp van bespotteling word deur middel van 'n komparatief vergelyk met iets uit die konteks van die deelnemers. Die beeld of onderwerp waarmee dit vergelyk word moet egter van pas wees om die spottende gesegde treffend te kan maak. Die woorde of woordgroepe wat aangewend word om die onderwerp van bespotteling mee te vergelyk vorm die komplementêre lid. Dit verskaf dus

bykomende inligting of spesiale inligting in verband met die eerste lid. Die spottende gesegde kan dus soos volg skematies voorgestel word:

Figuur 10. Sintaksis van die spottende gesegde.



Culler (1975:55) stel voor dat 'n sintaktiese ondersoek van letterkunde wel gedoen word, en na aanleiding hiervan word spottende gesegdes ook sintakties ontleed. Hy is van mening dat:

Since literature is first of all language and since structuralism is a method based on linguistics, the most likely meeting place is that of the linguistic material itself. The linguist might analyze the syntactic structures of sentences.....

Sintaksis is volgens Krüger (1989:29) die studie van die hiërgargiese bou van onderdele van 'n sin of woordgroep. Die onderdele is woorde en woordgroepe. Hiërgargiese bou is die wyse waarop woorde en groepe onderling kan kombineer tot groter gehele. Die onderdele van 'n spottende gesegde kan soos volg in tabelvorm voorgestel word:

TABEL 1. Woordsoort- en woordgroepsoorinhoud van spottende gesegdes.

Eerste lid	Komparatief as inleidende lid	Komplementêre lid
A) Nie- werkwoordelik		A) Nie-werkwoordelik
I) Naamwoordgroepe	e/o/ kete	I) Naamwoorde
a) Naamwoorde + possessiewe grpe.	e/o kare	ii) Naamwoordgroepe
	o/e/ kate	a) Naamwoorde + possesiewe grpe
B) Werkwoordelik		b) Naamwoorde + ww.rel.groepe
I) Werkwoordgroepe	jaaka	iii) Possessiewe groepe
ii) Kopulatiewe ww.- groepe	jaaka e kete	B) Werkwoordelik
a) Definiërend		I) Werkwoordgroepe
b) Assosiatief		ii) Kopulatiewe ww.groepe
c) Identifiserend		a) Identifiserend
		b) Definiërend

Die woorde en woordgroepe word benoem volgens Vermeulen (1996:1-264). 'n Volledige lys van die afkortings wat in die hoofstuk gebruik word verskyn alfabeties na die inhoudsopgawe. Vervolgens sal die woorde en woordgroepe soos uiteengesit in die tabel met voorbeelde aangetoon word. Van elke woord of woordgroep soos dit in Tabel 1 genoem is sal net een tipiese verteenwoordigende voorbeeld ontleed word en drie ander voorbeelde sal slegs na verwys word.


4.3. WOORDE EN WOORDGROEPE AS EERSTE LEDE

4.3.1. Nie-werkwoordelik

4.3.1.1. Naamwoordgroepe

a) Naamwoorde plus possessiewe groepe

Die possessiewe groep word deur Vermeulen (1996:137) soos volg uiteengesit:




(Die hare van die seun)

Die voorbeeld wat by die skematiese uiteensetting van Vermeulen (1996:137) geplaas is, is 'n eie voorbeeld. Die volgende spottende gesegde kan as voorbeeld gebruik word:

Letsôgônyana la gago e kare tlhakwana ya tshêpê(Nr.5)

(Jou handjie lyk soos 'n springbok se kloutjie)



Die werkwoorde wat aangetref word is die volgende naamlik

- i) bêilê
- ii) mpêêtse

"Bêile" word letterlik vertaal met "het neergesit" of "hou" maar die korrekte Afrikaanse vertaling in hierdie konteks is "het". "Mpêêtse" word letterlik vertaal met "het vir my neergesit" of "hou vir my" maar sal ook in die konteks in korrekte Afrikaans met "het" vertaal word.

Letterlik moet voorbeelde soos 9 en 22 vertaal word met:

O mpêêtse moriri e kare materase wa dipeba.(Nr.9)

Jy het vir my hare gehou/hou vir my hare voor, dit lyk soos 'n muismatras

Die korrekte Afrikaanse vertaling is die volgende:

Jy het hare soos 'n muismatras.

O bêilê mpa e kare tšhupu ya John Deere.(Nr.22)

Jy het vir my 'n maag gehou/ hou vir my 'n maag voor soos 'n John Deere se binneband.

Die korrekte Afrikaanse vertaling is die volgende:


Jy het 'n maag soos 'n John Deere se binneband.

Ander voorbeelde van werkwoordgroepe as eerste lede is nommer 4, 7, 22 en ander in bylaag A.

4.3.2.2. Kopulatiewe groepe

a) Definiërende kopulatiewe groepe

Die Definiërende kopulatiewe groep word soos volg deur Vermeulen (1996:120) uiteengesit:




(Jy is vet)

'n Voorbeeld van 'n definiërende kopulatiewe groep in die spottende gesegdes is:

O mosêtlha e kete tônki ya motsofe.(Nr.132)


(Jy is so vaal soos 'n ou donkie)



Ander voorbeelde van definiërende kopulatiewe groepe as eerste lede is nommer 95, 96, 98 en ander in bylaag A.

b) Assosiatiewe kopulatiewe

Die assosiatiewe kopulatiewe groep word soos volg deur Vermeulen (1996:130) voorgestel:




(Jy het ore)

'n Voorbeeld van 'n assosiatiewe kopulatiewe groep in die spottende gesegdes is:

O na le magêtle e kete hangere.(Nr.79)

(Jy het skouers soos 'n hanger.)




Slegs hierdie voorbeeld van 'n assosiatiewe kopulatiewe groep as eerste lid is opgeteken. Indien reduksie egter in ag geneem word is daar ander voorbeelde wat - voordat reduksie plaasgevind het - hier kon pas. Dit is waar naamwoorde as komplemente van identifiserende kopulatiewe werkwoorde gebruik is. Byvoorbeeld: "O tlhogo", "O nko," en "O ditsêbê" ("Jy is 'n kop, jy is 'n neus, jy is ore").

O tlhōgō e kete mankōgwane a pētsha lori. (Nr. 16)


(Jy het 'n kop soos paddas wat van 'n vragmotor afspring)

Die letterlike vertaling van "O tlhogo" is "jy is 'n kop" maar die korrekte Afrikaanse vertaling van "O tlhōgō" in hierdie konteks is "jy het 'n kop". Die Tswana naamlik "O tlhōgō" is egter grammaties korrek en word ook reg verstaan. "O tlhogo" is dus 'n identifiserende kopulatiewe groep maar sonder reduksie kon die voorbeeld soos volg gesien word:



c) Identifiserende Kopulatiewe

Die identifiserende kopulatiewe groep word soos volg deur Vermeulen (1996:130) skematies voorgestel met nodige aanpassing om voorsiening te maak vir die persoonlike voornaamwoorde van die eerste en tweede persone as onderwerpe:




(Jy is 'n dame)

'n Voorbeeld van 'n identifiserende kopulatiewe groep in die spottende gesegdes is:

O matlhô e kare letlamêtlô le gatilwê tlohôgô. (Nr.54)

(Jy het oë soos die van 'n brulpadda wat se kop getrap is.)



Ander voorbeelde van identifiserende kopulatiewe groepe as eerste lede is nommer 3,15,22 en ander in bylaag A

4.4. KOMPARATIEWE

Die volgende is 'n lys van komparatiewe wat aangewend word in die spottende gesegdes:

e kete	- soos / dit lyk soos / asof
o kete	- soos / jy kan sê dit lyk soos / asof
e kare	- soos / dit lyk soos / asof
o kare	- soos / jy kan sê dit lyk soos / asof
e kate	- soos / dit lyk soos / asof
o kate	- soos / jy kan sê dit lyk soos / asof
jaaka	- soos
jaaka e kete	- soos asof dit lyk soos


Die klaslose onderwerpskamel "e" en die onderwerpskamel van "wêna"(jy) naamlik "o" word afwisselend gebruik. Die gebruik van "kare", "kete" en "kate" toon ook geen bepaalde patroon nie en word afwisselend gebruik. Die afwisseling kan fonologies soos volg verklaar word. Die [t] en [r] is albei stemlose klanke en ook alveolêre konsonante. Die klanke se artikulasieplekke is dus dieselfde en daarom kan die stelling gemaak word dat hulle sonder enige probleme afgewissel word.

Die komparatiewe word as hulpwerkwoorde en as voegwoorde gebruik.

4.4.1. Komparatiewe as hulpwerkwoorde

Die komparatiewe as hulpwerkwoorde het die struktuur van 'n hulpwerkwoord naamlik onderwerpskamel + hulpwerkwoord.

Byvoorbeeld:



Vermeulen (1990:40) definieer 'n hulpwerkwoord soos volg:

'n Hulpwerkwoord is 'n werkwoord wat dieselfde struktuur as 'n werkwoord het (onderwerpskamel+ hulpwerkwoord) maar wat nie volgens sy werkwoordelike betekenissenmerke gebruik word nie maar volgens betekenissenmerke wat van sy werkwoordelike betekenissenmerke afgelei is.

Die vertalingsprobleme wat teëgekom is tydens die vertaling van die komparatiewe in die spottende gesegdes is dus 'n gevolg van die hulpwerkwoorde se betekenissenmerke wat verwarrend is.

Matumo (1993:57) gee die betekenis van die komparatiewe soos volg met nog ander wat hy daaraan gelyk stel:

"e kete Conjunctive phrase, same as *e kote*, it looks
as if; it seems (to me);"

en

"e ka re Conjunctive phrase, it seems; seems like; if
it should be."

en

"e kote Conjunctive phrase, same as *e kete*; it looks
as if;... "

en

"e nke Conjunctive phrase, same as *e kete* and *e kote*,
it seems as if;.."

en

"e rete Conjunctive phrase, it seems to me;...it
appears."

"O/e kete" en "o/e kete" ("e re" met die potensialis morfeem "ka" ingevoeg) is hulpwerkwoorde wat aangewend word en gebruik word as voegwoorde - dit wil sê met voegwoordelike funksie - en die komplemente is werkwoordelik of nie-werkwoordelik. Volgens Swanepoel (1975:39) word alle hulpwerkwoorde as inleidende lede gebruik. Die komplementêre lid het dus valensie as komplement van die hulpwerkwoord. Dit vorm saam 'n hulpwerkwoordgroep. Swanepoel (1975:41-49) noem dat die volgende komplemente deur hulpwerkwoorde geneem kan word naamlik:

- a) 'n Werkwoord as komplement
- b) 'n Werkwoordgroep as komplement
 - i) Werkwoordgroep wat 'n voorwerp insluit.
 - ii) Werkwoordgroep wat 'n primêre deskriptiewe bepaling insluit
 - iii) 'n Werkwoordgroep wat sowel 'n voorwerpsbepaling as 'n deskriptiewe bepaling insluit.
- c) Kopulatiewe werkwoordgroepe as komplemente

- i) 'n Kopulatiewe werkwoord plus komplement
- ii) 'n Kopulatiewe werkwoordgroep waarin 'n primêre deskriptiewe bepaling ingesluit is
- d) Hulpwerkwoordegroepe as komplemente van hulpwerkwoorde.
- e) Werkwoorde, werkwoordgroepe, kopulatiewe werkwoordgroepe en hulpwerkwoordgroepe wat 'n kernvalensie kan hê vir sekondêre of vrye tersiêre deskriptiewe bepalings. (Vergelyk ook Krüger (1967:160-166))
- f) Werkwoordgroepe waarin onderwerpsbepalings ingesluit kan word.

Vermeulen (1990:40) noem dat 'n hulpwerkwoord onselfstandig is en 'n komplementêre werkwoord of kopulatiewe werkwoord moet neem.

Die komplementêre lede soos dit in die spottende gesegdes verskyn is werkwoordelik maar in ander gevalle is dit nie-werkwoordelik as gevolg van reduksie wat plaasgevind het.

Byvoorbeeld:

O mokima e kare o kolobê (Nr.116)

(Jy is so vet jy lyk soos 'n vark)

"o kolobê" = Definiërende kopulatiewe werkwoord groep. Die komplementêre lid is werkwoordelik.

O mosesane e kare letlhôkwa(Nr.112)

(Jy is so maer soos 'n vuurhoutjie)

"letlhôkwa" = naamwoord. Die komplementêre lid is nie-werkwoordelik.

Die komplementêre lid kan volgens Swanepoel (1975:41-49) en Vermeulen (1990:40) nie slegs 'n naamwoord wees nie. In voorbeeld 112 word die hulpwerkwoord voegwoordelik aangewend of andersins moet die aanname gemaak word dat die kopulatiewe werkwoord gereduseer is.

4.4.2. Komparatiewe as voegwoorde

Die komparatiewe word voegwoordelik gebruik waar dit nie gevolg word deur 'n werkwoordelike komplement nie. Dit is egter slegs die geval indien daar van die standpunt uitgegaan word dat daar van geen reduksie sprake is nie.

Byvoorbeeld:

O khubu e kete talama ya jase. (Nr.36)

(Jy het 'n naeltjie wat lyk soos 'n jasknoop)

Matlhô a gago a matala e kete a katse.(Nr.55)

(Jou oë is groen dit lyk soos die van 'n kat.)

"Jaaka"(soos) is net 'n voegwoord en nie 'n hulpwerkwoord nie en word dus slegs voegwoordelik gebruik.

Byvoorbeeld:

O mosêlha jaaka tônki e tswa go itshupula mo thotobolong.(Nr.134)

(Jy is so vaal soos 'n donkie wat op die ashoop gaan rol het.)

Die voegwoord "jaaka" en die hulpwerkwoorde word soms saam aangewend soos byvoorbeeld:

Selô sê se setêlêlê jaaka e kete thutlwa.(Nr.99)

(Hierdie ding is so lank soos 'n kameelperd.)

4.5. KOMPLEMENTÊRE LEDE IN SPOTTENDE GESEGDES

Naamwoorde en naamwoordgroepe kan nie as komplementêre lede van hulpwerkwoorde gebruik word nie maar in die spottende gesegdes as poëtiese taal vind daar afwyking van normale taalreëls plaas en word nie-werkwoordelike komplemente wel aangetref. Deur reduksie of elisie word die werkwoorde gereduseer/geëlideer. Opskrifte toon wat die komplementêre lede is na reduksie/elisie plaasgevind het met hul sintaktiese ontledings daarna. Die sintaktiese ontledings met die gereduseerde werkwoorde wat veronderstel word tussen hakies word daarna gedoen. Indien die komplementêre lede in die negatief geskryf word is dit duidelik dat die identifiserende

kopulatiewe werkwoorde gereduseer is. Die aanname kan dus op grond van die negatiewe van die komplementêre lede gemaak word dat waar nie-werkwoordelike komplemente aangetref word en die negatiewe toon dat dit identifiserende kopulatiewe is, daar 'n identifiserende kopulatiewe werkwoord gereduseer/geëlideer is.


4.5.1. Nie-werkwoordelike komplemente

4.5.1.1. Naamwoorde as komplementêre lede


Voorbeeld:

O montsho e kete legala.(Nr.129)

(Jy is so swart soos 'n steenkool)



Negatief: "O montsho e kete **ga** o legala" dui op die reduksie van die kopulatiewe werkwoord "o" in die positief.




Ander voorbeelde van naamwoorde as komplementêre lede is nommer 19,61,68 en ander in bylaag A.

4.5.1.2. Naamwoorde plus possessiewe groepe as komplementêre lede


Voorbeeld:

O phatlha e kare lebônê la meine. (Nr.92)

(Jy het 'n voorkop wat lyk soos 'n mynlig.)



Negatief: "O phatlha e kare **ga se** lebônê la meine" dui op die reduksie van die kopulatiewe werkwoord "ke" in die positief.




Ander voorbeelde van naamwoorde plus possessiewe groepe as komplementêre lede is nommer 7,10,14 en ander in bylaag A.

4.5.1.3. Naamwoorde plus werkwoord relatiewe groepe as komplementêre lede


Voorbeeld:

O mpêêtse nko ê e têlêlê e kete pênê ê e ganang go kwala. (Nr.47)

(Jy het 'n lang neus soos 'n pen wat weier om te skryf.)



Negatief: "... e kete **ga se** pênê ê e ganang go kwala" dui op die reduksie van die kopulatiewe werkwoord "ke" in die positief.




Ander voorbeelde van naamwoorde plus werkwoord relatiewe groepe as komplementêre lede is nommer 144 en 128 in bylaag A

4.5.1.4. Possessiewe groepe as komplementêre lede


Voorbeeld:

Matlho a gago e kete a morubisi. (Nr.53)

(Jou oë lyk soos die van 'n uil.)



Negatief: "... e kete **ga se** a morubisi" dui op die reduksie van die kopulatiewe werkwoord "ke" in die positief.



Ander voorbeelde van possessiewe groepe as komplementêre lede is nommer 3,18,62 en ander in bylaag A.


4.5.2. Werkwoordelike komplementêre lede

4.5.2.1. Werkwoordgroepe as komplementêre lede


Voorbeeld:

Sehuba sa gago e kare tontôsane e itekanya hêmpê. (Nr.1)

(Jou bors lyk soos 'n tintinkie wat 'n hemp aanpas)



Die bors van die gespottene word nie vergelyk met die tintinkie wat 'n hemp aanpas nie, maar met die bors van 'n tintinkie wat 'n hemp aanpas. Die kopulatiewe werkwoord "ke" en die possessief skakel van "sehuba" naamlik "sa" is dus gereduseer. Sonder dat reduksie plaasgevind het sal die voorbeeld soos volg daaruit sien:



Ander voorbeelde van werkwoordgroepe as komplementêre lede is nommer 2,8,17 en ander in bylaag A


4.5.2.2. Identifiserende kopulatiewe groepe as komplementêre lede

In enkele van die voorbeelde is die kopulatiewe werkwoorde nie gereduseer nie maar het hulle behoue gebly.

Byvoorbeeld:

Bontsho jwa gago e kare o pitsa.(Nr.126)

(Jou swartheid lyk so asof jy 'n pot is.)




Ander voorbeelde van identifiserende kopulatiewe groepe as komplementêre lede is nommer 103,104,110 en ander in bylaag A

4.5.2.3. Definiërende kopulatiewe groepe as komplementêre lede

Byvoorbeeld:

O mokima e kare o bodilê. (Nr.119)

(Jy is so vet dit lyk asof jy vrot is.)



Slegs bogenoemde voorbeeld van 'n definiërende kopulatiewe groep as komplementêre lid is opgeteken.

4.6. OORTREDING VAN GRAMMATIKALE REËLS IN POËTIESE TAALGEBRUIK

In die poësie - waaronder spotterny ook resorteer - kom daar afwyking van normale en algemene grammatikale reëls voor. Gräbe (1992:8) stel hierdie feit soos volg:

lyk soos **die knieë van** 'n donkievul wat in modder geval het. In voorbeeld 16 word die lid se kop vergelyk met paddas wat van 'n vragmotor afspring en nie net met die koppe van paddas wat van 'n vragmotor afspring nie. Die verwysing na "'n kop soos die van paddas wat van 'n vragmotor afspring" is weggelaat. Die spotter wil dus die effek van sy sin en so ook sy spottende gesegde hierdeur verbeter of soos Gräbe dit gestel het naamlik om die "produktiwiteit" te verbeter.

4.6.2. Seleksionele afwyking

Seleksionele afwyking vind plaas waar die digter of spotter in hierdie geval in sy of haar woordkeuse afwyk van die normale logiese woordkeuse. Hierdie afwykings word by baie spottende gesegdes aangetref waar personifikasie plaasvind. Woorde met hul betekenis (semantiese merkers) word afwykend aangewend soos byvoorbeeld die volgende voorbeeld:

Letsôgônyana la gago e kare twêrêtwêrê e kopa lêfê. (Nr.6)

(Jy het 'n handjie wat lyk soos die van 'n tintinkie wat geleentheid vra.)

Die seleksionele afwyking wat die spottende gesegde en die beeldspraak so treffend en uniek maak is die feit dat 'n gedeelde merker maar ook 'n afwykend merker naamlik (+Menslik) aan die kwikstertjie gekoppel word. Hierdie afwyking word effektief in spotterny gebruik. (Vergelyk Gräbe (1992:7-8) in verband met seleksionele afwyking)

4.7. LEENWOORDE EN VREEMDE WOORDE

In die spottende gesegdes word daar geredelik van leenwoorde gebruik gemaak. Daar word van leenwoorde gebruik gemaak om die reaksie van die gehoor/beoordelars te maksimaliseer. Leenwoorde is volgens Mojela (1992:17) woorde wat uit 'n ander taal geleen word en met behulp van transsitematisasiereëls in die betrokke taal se taalstruktuur opgeneem word. Die volgende is 'n voorbeeld waar 'n leenwoord gebruik is:

Letsôgônyana la gago e kare twêrêtwêrê e kopa lêfê. (Nr.6)

(Jy het 'n handjie wat lyk soos die van 'n kwikstêrtjie wat geleentheid vra.)

Vreemde woorde word ook in die spottende gesegdes gebruik. Mojela (1992:17) beskryf vreemde woorde as:

.... borrowed lexical items which are used by the borrowing language with either a partial adaptation or totally unadapted.

Byvoorbeeld:

O mangwêlê o kare tônki ya six months e wêtse mô serêtsêng. (Nr.15)

(Jy het knieë wat lyk soos 'n ses maande oue donkie wat in modder geval het.)

Soos ondervind tydens veldwerk glo die spotter dat hy of sy die gehoor/beoordelaars beïndruk met die gebruik van leenwoorde en vreemde woorde. Die tendens kan gekoppel word daaraan dat hy of sy meer geleerd wil klink deur van Engelse woorde of leenwoorde gebruik te maak. Daar is bevind dat spottende gesegdes wat leenwoorde of vreemde woorde bevat meer reaksie van die gehoor/beoordelaars ontlok as die sonder leenwoorde en vreemde woorde.


4.8. SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat spottende gesegdes 'n eie en unieke struktuur het. Daar bestaan 'n formule wat deur die beoefenaars gebruik word en waarvolgens die eerste lede deur middel van komparatiewe vergelyk word met die komplementêre lede. Die eerste lede het bepaalde woorde en woordgroepsoorte waaruit hulle bestaan en so ook die komplementêre lede. Die komparatiewe tree op as skakel tussen die eerste lede en die komplementêre lede. Die onderwerp waarmee gespot word en die beeld waarmee dit vergelyk word deur die komparatief verbind om so die treffende vergelyking te skep.

Die eerste lede vorm die gesegdes en die hulpwerkwoorgroepe vorm die primêre deskriptiewe bepaling van vergelyking. Saam vorm die twee die werkwoordgroep wat as die spottende gesegde bekend staan byvoorbeeld:

O dimpa di ditona / e kare / mogôdu wa kgomo. (Nr.27)

(Jy het 'n maag / soos / die blaarpens van 'n bees.)





5.1. INLEIDING

Die spottende gesegdes wat tot dusver in die studie as voorbeelde gebruik is tesame met al die voorbeelde in Bylaag A toon dat spotterny satiries van aard is. In hierdie hoofstuk sal daar aan satire en beeldspraak aandag gegee word. Die spottende gesegdes sal aan kriteria van satire gemeet word om te bepaal of dit wel as satire gesien kan word. Indien die spottende gesegdes as vorm van satire aangewys kan word moet die spotter as skepper daarvan dus as satirikus geïdentifiseer kan word. Wie of wat die satirikus is, die motiewe, doel en die norme van die satirikus soos genoem deur die verskillende bronne sal vergelyk word met wie die spotter is, die doel, norme en motiewe van die spotter. Dit word gedoen om vas te stel of die spotter as satirikus en spotterny as satiries gesien kan word.

Satire en beeldspraak word saam bespreek aangesien beeldspraak een van die belangrikste boustene van satire in spotterny is.

5.2. DEFINISIES VAN SATIRE

Abrams (1965:85) definieer satire soos volg:

Satire is the literary art of diminishing a subject by making it ridiculous and evoking towards it attitudes of amusement, contend, or scorn.

Grové (1977:84) definieer satire as :

...'n literere werk waarin die dwaashede en wanpraktyke van die mens aan die kaak gestel word en wel op so 'n wyse dat die lag van die reggeaarde gemeenskap by die blootlegging van die euwel opgewek word.

Satire is volgens die HAT (1994:898) 'n letterkundige geskrif waarin menslike of individuele swakhede, dwaashede of tekorkomings bespotlik voorgestel word, soms met die bedoeling om tot verbetering aan te spoor.

Cavanaugh (soos aangehaal deur Mkonto 1988:5) beskryf satire soos volg:

Satire is literature that ridicules human frailty.

Mkonto (1988:6) is ook van mening dat:

.... satire ranges from light ridicule to bitter attack but the extreme must be approached cautiously and tactfully, ...

Johl (1988:46) is van mening dat daar 'n tradisionele siening bestaan dat satire hoofsaaklik aanvalsgerig is, en wel teen optredes, gewoontes en gebruike van die mens wat nie is wat dit behoort te wees nie; wat met ander woorde 'n standaard of 'n morele norm impliseer waaraan die onbevredigende toedrag gemeet word ten einde 'n korrektiewe funksie te vervul.

Uit bogenoemde definisies is daar die volgende ooreenkomste duidelik:

- I. Satire is literatuur waarin een of ander onderwerp hetsy menslike voorkoms, gedrag gewoontes wat nie volgens algemeen aanvaarde norme en standaarde is nie, bespotlik voorgestel word aan die ontvanger om dit aan die kaak te stel en sodoende 'n aansporing tot korrektiewe optrede te weeg te bring.
- II. Die negatiewe word dus tot herstel of tot die positiewe aangespoor.
- III. Daar word geïmpliseer dat daar 'n norm is waarvan afgewyk is en dat daar na dié norm teruggekeer moet word.

In figuur 8 is die temas van bespotting skematies voorgestel. Indien 'n liggaamsdeel na die oordeel van die spotter nie die norm of standaard van die groep verteenwoordig nie, word daarmee gespot. Die gespottene word dus aangespoor om iets daaraan te doen en indien dit nie moontlik is nie word hy of sy geleer om dit so te aanvaar en daarmee saam te leef. Die volgende voorbeelde kan hier ter staving dien.

O mpêêtse maoto e kare mošha o ithuta go betsa pênêlêti. (Nr.89)

(Jou voete lyk soos die van 'n meerkat wat leer om 'n strafdoel te skop.)

In voorbeeld 89 het die gespottene skewe voete waarmee gespot word.

O phatsima e kete o itshasitsê mafura a kolobê. (Nr.95)

(Jy so dit lyk asof jy jou met varkvet gesmeer het.)

In die voorbeeld 95 word gespot met die lid se voorkoms en die feit dat sy of haar vel blink. Die Tswana's het die gebruik om nadat hulle gewas het, hulself met petroleumjellie te smeer. In hierdie geval kan die lid korrekatief optree deur in die vervolg minder petroleumjellie aan te smeer en so voorkom dat hy te veel blink en daaroor gespot kan word.

Ditlhako tsa gago di makgasa e kete di dirilwê ka letlalô la kgômo ê e tsofêtseng. (Nr.138)

(Jou skoene is so so flenters dit lyk asof hulle gemaak is met 'n ou bees se vel.)

Wa re kakakakaka, e kare koko e batla go bêêla lee. (Nr.140)

(Jy sê kakakakaka, soos 'n hoender wat 'n eier wil lê)

Ntlo ya kwa go lona e lefifi jaaka legaga. (Nr.141)

(Julle huis is so donker soos 'n grot.)

In voorbeeld 138 word gespot met 'n lid se kleredrag naamlik vlenter skoene. Ook hier kan deur korrektiewe optrede voorkom word dat weer daarmee gespot sal word deurdat hy of sy net nie weer die skoene sal aantrek indien hy of sy wel ander skoene het nie. Dieselfde geld ook vir voorbeelde 140 en 141 waar dit duidelik is dat die gespottenes die sake kan reg stel deur korrektiewe optredes. Hulle kan anders lag by voorbeeld 140 en by voorbeeld 141 kan hulle vensters oopmaak of 'n kers of ligte aanskakel.

5.3. DIE DOEL VAN SATIRE

Die satirikus poog om verskeie doelstellings te bereik met die satire wat uitgespreek word. Hierdie doelstellings verskil veral na gelang van die omstandigheid of die emosie wat betrokke is. Dit kan baie skerp en onregverdig wees maar ook speels en geregverdig.

Vervolgens sal aandag geskenk word aan verskillende doelstellings van die satirikus.

5.3.1. Vermaaklikheidsdoel

Satire het 'n vermaaklikheidsdoel. Hodgart (1969:115) wys daarop dat:

Satire at all levels must entertain as well as try to influence conduct.

Die gehoor tydens die beoefening van spotterny beklemtoon die feit dat die spotter wil vermaak. Deur die gehoor te beïndruk met sy of haar spottende gesegde kry die spotter aansien in die groep.

Die essensie van suksesvolle satire word soos volg deur Pollard (1970:21) aangebied:

... to get your victims hopping mad and your audience laughing their heads off.

Hierdie beskrywing deur Pollard (1970:21) beklemtoon dat die gehoor vermaak moet word. Die reaksie wat van die gehoor verkry word bepaal ook die sukses van die uitgesproke spottende gesegde.

In aansluiting by bogenoemde wys Mkonto (1988:5) daarop dat die satirikus "must employ raillery to raise laughter and amusement."

Die gehoor lag en verlustig hulle in die verleentheid van die gespottene na die uitspraak van 'n treffende spottende gesegde. Al die voorbeelde van spottende gesegdes kan hier as voorbeelde gebruik alhoewel sommige meer lagwekkend is as ander, byvoorbeeld:

Magêtle a gago o kete mošha o lêtsa kôrôjane. (Nr.77)

(Jou skouers lyk soos die van 'n meerkat wat 'n instrument bespeel.)

O motêlêlê e kete o tsela ya kwa Kgalagadi. (Nr.98)

(Jy is so lank soos die Kalahari-pad.)

5.3.2. Doel om tot korrektiewe optrede aan te spoor

Venter (1973:36) noem 'n belangrike faktor wat die sukses van satire bepaal en dit is dat die lerende doelstellings van satire slegs bereik kan word as die leser ook sy aangesig in die verwingende spieël van satire sien. Hierdie stelling is van toe-

passing op spotterny aangesien die spotter kan verwag dat daar met hom/haar ook weer gespot gaan word.

'n Voorbeeld wat hier verskaf kan word is:

O lenga lê le phanyêgilêng e kare motho a ka tsenya ranta. (Nr.115)

(Jou haakskeen is so gebars dit lyk asof 'n mens 'n rand daarin kan sit.)

In die geval kan die gespottene iets aan die toedrag van sake doen deur gereeld te was en sodoende voorkom dat sy of haar hakskeene so bars. In ander gevalle soos die geval met liggaamsdele kan die gespottene maar net luister en terug spot want hy of sy kan niks aan liggaamsdele verander nie. Die lerende doel is dat die gespottene leer om sy of haar tekortkominge saam te leef en dit so te aanvaar.

Die volgende skrywers het aan hierdie doel van satire aandag gegee.

Cameron (1978:12) stel dat:

Satire poog om tot verbetering te inspireer.

Snyman (1983:174) wys daarop dat:

...die satire 'n korrekatief moet bied naas die uitwys van onreëlmatighede.

Walters (1984:108) verskil in 'n mate hiervan maar noem dat:

Die satire val nie net aan nie, veroordeel nie net nie, maar hou altyd ten minste een deug voor as voorbeeld van die ideaal wat nagestrewes word.

Walters (1986:19) se opinie van satire is dat dit wil verander wat verkeerd is. Dit wil stig en leer. Satire het ten doel om iets of een of ander toedrag van sake te verander en so 'n verbetering of korrekatief aan te bring.

Mkonto (1988:5) haal vir Cavanaugh aan en beskryf dié doel van satire soos volg:

The ridicule may be kindly or ruthless, but it usually has as its objective the improvement of man's character and institutions.

5.3.3. 'n Aanvalsdoel

Nichols (1971:3) lê die klem op "*unfavourable criticism of some sort*" en sê dat satire 'n "*verbal attack*" kan wees. In aansluiting hierby kan die beskouing van Hodgart (1969:110) gebruik word waar daarop gewys word dat:

All good satire contains an element of aggressive attack.

Venter (1973:19) beweer die volgende:

Die satirikus moet hom van sy gevoelens kan distansieer om gestileerd en onpersoonlik aan te val. Die ware satirikus vestig altyd die aandag agter die onmiddellike objek van aanval.

Cameron (1978:26) maak die stelling dat satire een van die doelstellings van letterkunde deel naamlik dat dit ook 'n groter bewustheid van die self en van die wêreld in die algemeen ten doel het, alhoewel die aanbiedingswyse soms meer geniepsig is.

Cameron (1978:6) toon aan dat die wyse van aanval deur die satirikus indirek moet wees. Die aanval moet dus nie teen die persoon gerig wees nie maar teen die toedrag van sake wat nie volgens norme en standaarde is nie. Dit moet egter in ag geneem word dat die verskil tussen direkte en indirekte aanval moeilik onderskeibaar is. Die spotter in spotterny bedoel die aanval dalk nie direk nie maar dit kan baie maklik so verstaan word.

Snyman (1983:174) stel die aanvalsdoel baie sterk wanneer dit soos volg aangebied word:

Die satire daarteenoor konsentreer op die trefhandeling: dit wil seermaak, ontstel, woede uitlok, "selfmoord" aanhelp.

Walters (1984:114) lig dit verder toe:

Die satirikus aanvaar nie, hy verwerp. Hy is gekant teen dinge soos hulle is - nie teen die werklike menslike natuur nie, maar teen die verwringing daarvan. In die satire wil hy aan die kaak stel, wil hy ernstig oortuig.

Die volgende twee voorbeelde wat albei handel oor lengte toon die graadverskil tussen aanvalsdoel en speelse doel:

O motêlêlê e kete o tsela ya kwa Kgalagadi. (Nr.98)

(Jy is so lank soos die Kalahari-pad.)

Selô sê setêlêlê jaaka e kete thutlwa. (Nr.99)

(Hierdie ding is so lank soos 'n kameelperd.)

In voorbeeld 99 is dit duidelik dat die spotter met baie meer veragting en minagting spot as daar verwys word na "selô sê" wat "hierdie ding" beteken.

5.3.4. Bespotting en speelse doel

Speelsheid met bespotting is een van die doelwitte van satire wat by spotterny sterker op die voorgrond tree. Die speelse doel en die bespottingsdoel vervul by spotterny 'n belangriker funksie as byvoorbeeld by 'n gedig of prosastuk wat satiries van aard is. Die rede wat hier ter verduideliking dien is dat spotterny as 'n taal-speletjie getipeer is.

'n Standpunt soos gestel deur Hodgart (1969:20) bevat twee van die doelwitte van satire wat ook in spotterny figureer:

Satire must entertain as well as try to influence conduct, and the entertainment comes, as I think chiefly from the joy of hearing a travesty, a fantastic inversion of the real world.

Snyman (1983:174) vestig die aandag daarop dat:

Die satire wil bespot, en deur die spot die versteurde werklikheid belig. In hierdie spot is die humor en die absurde belangrike hulpmiddels.

Mkonto (1988:4) haal vir Feinberg aan wat van mening is dat satire 'n " *playfully critical distortion of the familiar*" is.

Byvoorbeeld:

Maoto a gago a masesane o kare nka tshameka moropa ka ôna. (Nr.91)

(Jou bene is so dun dit lyk asof ek kan drom speel met hulle.)

O motêlêlê o kare dimo a tihamalêla go ya marakêng. (Nr.100)

(Jy is so lank dit lyk soos 'n ondier wat mark toe aanstap.)

5.4. DIE NORME VAN SATIRE EN DIE SATIRIKUS.

Dit is duidelik dat daar in die satire 'n norm of standaard gestel word waaraan voldoen moet word. Pretorius (1992:464-465) noem dat satire 'n morele onderbou het en dat die satirikus 'n bewaker van die norme en ideale is.

Meucke (1970:67) is ook van mening dat daar algemeen aanvaarde waardes bestaan:

Satire is to the extent that there are established commonly accepted values.

Daar is reeds daarna verwys dat die bestaan van norme en standarde geldend is by spotterny. Die groep moet 'n norm hê waarvolgens gespot word. Om die spottende gesegde treffend te maak moet gespot word met iets wat nie aan die norme en standarde van die groep voldoen nie. Die norm waarvoor die spotter en die portuurgroep stry word nie altyd pertinent gestel nie; maar daar word geïmpliseer dat daarvan afgewyk is en dat die gespottene indien moontlik iets daaromtrent moet doen byvoorbeeld:

O dimpa di ditona e kare mogôdu wa kgômo. (Nr.27)

(Jy het 'n groot maag wat lyk soos die blaarpens van 'n bees.)

Die norm van hoe groot die gespottene se maag moet wees is nie duidelik nie maar hy of sy kan deur selfondersoek bepaal of vergelykend sien dat sy of haar maag groter is as die lede in die groep s'n. Die bestaan van 'n norm kom aan die lig aangesien met 'n persoon se maag gespot word wat groot is. Die norm van die groep vir die grote van 'n maag wat geïmpliseer word is kleiner as die van die gespottene.

Snyman (1983:181) vestig die aandag daarop dat satire ten alle tye 'n norm naas die "verkeerde" stel en dat in die uitwys van die onaanneemlike die norm altyd sigbaar moet wees.

Walters (1984:108) voer egter aan dat:

Al word die ideaal nie eksplisiet gestel nie, moet dit tog implisiet teenwoordig wees.

Die norme en standarde is bekend of dit moet bekend wees aan al die groeplede wat deelneem aan spotterny anders word 'n spotter geminag vir die swak poging indien hy spot met iets waar geen afwyking duidelik is nie.

Venter (1973:25-26) se siening is hier van waarde met verwysing na norme en standarde as dit soos volg gestel word:

Vir hierdie lewenswaardes is die satirikus dan kampvegter en sy kuns is 'n handlangster van die wet.

Die gedeelde konteks wat reeds in Hoofstuk 3(bl.48) as baie belangrik bewys is vir die beoefening van spotterny bepaal weer die gedeelde norme en standaarde van die groep. Alhoewel Nichols (1971:24) praat van die leser wat nie ter sprake is by spotterny nie is die volgende stelling vir spotterny van waarde:

A satiric norm is essentially a vantage point from which something else may be viewed. Norms are largely set by the reader's total experience of the world

Die beoefenaars van spotterny se norme en standaarde waarvolgens hulle hul onderwerpe van bespotting meet word volgens Nichols (1971:24) ook bepaal deur hulle "*total experience of the world*" byvoorbeeld:

O mangwêlê e kare tōnkana e wêtse mô serêtsêng. (Nr.13)

(Jy het knieë wat lyk soos die van 'n donkievul wat in modder geval het.)

Die deelnemers aan hierdie situasie moes al die gesig gesien het van 'n donkievul wat in modder geval het en se knieë snaaks lyk. Hul ervaring daarvan sal bepalend wees vir die sukses van die spottende gesegde.

'n Verdere verduideliking van Nichols (1971:27) beklemtoon die argument verder:

One way of defining satire would be to say that it is the systematic exploitation, with aggressive intend, of what are, or are made to seem, deviations from the norm within a context.

Venter (1973:26) haal vir Lewis aan wat van mening is dat:

The greatest satire is non-moral.

Dit is ook die geval by spotterny. 'n Spotter wat op soek is na goeie reaksie van die gehoor raak soos uit die volgende voorbeelde sigbaar is soms wel immoreel.

O mpêêtse mênô e kete haraka ya masepa. (Nr.84)

(Jy het tande soos 'n ontlasting-hark.)

Molômo wa gago e kete ntswapêtla ya koko. (Nr.31)

(Jou mond lyk soos 'n hoender se anus.)

Die reaksie van die gehoor kan positief of negatief wees. Groeplede wat die gespotte persoon goedgesind is sal negatief reageer en hulle afkeur in hierdie spottende gesegde toon. Lede wat die spotter goedgesind is sal positief reageer en hulle verlustig in die leed van die gespotte persoon. Daar moet in ag geneem word dat sekere woorde wat volgens westerse norme en standaarde immoreel is nie as sulks beskou word onder die Tswanasprekendes nie. Hierdie woorde mag egter nie deur jongmense in die geselskap van ouer mense gebruik word nie.

5.5. WIE OF WAT IS DIE SATIRIKUS?

Die norme en waardes van die satirikus wat hom/haar dryf om tot bespotting oor te gaan het tot gevolg dat hy of sy as verskillende persoonlikhede gesien kan word.

5.5.1. Didaktikus.

Die satirikus kan eerstens gesien word as 'n didaktikus. Cameron (1978:25) is van mening dat :

Ons kan egter nie die didaktiese intensie van satire ontken nie. Die satirikus leer nie deur middel van skeltaal nie; ook nie omdat hy 'n onbehoorlike behae daarin skep om te kasty met woorde nie. Hy bly didaktikus.

Die beskrywing deur Du Plessis (1963:10) beaam die didaktiese sy van satire soos volg:

Satire is die middel tot 'n hervormende didaktiese oogmerk en bevat dus 'n ernstige konstruktiewe element.

Die spotter spot wel met die gespottene maar die doel is om die gespottene te onderrig en te leer om met sy of haar tekortkominge saam te leef of iets daaromtrent te doen byvoorbeeld:

O mokima e kare o kolobê ya motsofe. (Nr.117)

(Jy is so vet jy lyk soos 'n ou vark)

5.5.2. Moralis

Die satirikus word tweedens beskryf as 'n moralis.

Pretorius (1992:464-465) noem in die verband dat:

Satire het 'n morele onderbou en die satirikus, as bewaker van ideale/norme/, is 'n moralis.

Die sieninge van Walters (1986:13) sluit soos volg aan by Pretorius :

Skerp kritiek is egter een ding, maar as dit oortuigend wil wees moet dit ook moreel geregverdig wees. Geslaagde kritiek moet gevat wees- "witty as well as moral" volgens Kernan.

Volgens die versamelde voorbeelde is die grootste deel van die spottende gesegdes naamlik 95% moreel geregverdig maar 5% wat volgens Westerse standarde immoreel is. Byvoorbeeld :

Immoreel:

Molômo wa gago e kete sebono sa koko. (Nr.32)

(Jou mond lyk soos 'n hoender se anus.)

Moreel:

O mpêetse molômo o le motêlêlê e kare wa ntswa. (Nr.33)

(Jy het 'n lang mond soos die van 'n hond.)

Die spotter is ook 'n moralis maar hy/sy raak soms immoreel om 'n tipe van skokkende reaksie van die gehoor/beoordelaars te verkry. Alles waarmee daar in die voorbeelde gespot word wys daarop dat daar iets bestaan wat vir die satirikus onaanvaarbaar is en dat dit reggestel moet word.

5.5.3. Idealis

In die derde plek word die satirikus as idealis gesien. Indien iets of 'n toedrag van sake nie volgens bepaalde norme en standarde is nie vind hy of sy 'n afkeur daarin.

Pretorius (1992:464-465) het dan ook die stelling gemaak dat:

Die satirikus is 'n idealis; hy is skerp bewus van die diskrepansie tussen ideaal en werklikheid;...

Die spotter aanskou die werklikheid en vind 'n afkeur in 'n afwyking van die ideaal en dit is gevolglik die tema van bespotting. Hy spot met ore wat te groot is, voete wat

skurwer as normaal is en met neuse wat te lank is, om maar net enkele voorbeelde te noem. Uit die lys kan die volgende voorbeeld gebruik word:

O bēilē ditsēbē e kare tsa mmutla a lēlēkisiwa ke dintswa. (Nr.72)

(Jy het ore soos 'n haas wat deur honde gejaag word.)

Volgens die groep en die spotter moet die gespottene in die geval nie sulke plat ore hê soos die van 'n haas wat deur honde gejaag word nie. Almal moet dus ideaal gevormde ore hê volgens die groep se standarde en norme. Die gedeelde voorkennis en lewenservaring van die groeplede is in voorbeeld 72 van kardinale belang aangesien die groeplede die gesig voorheen moes gesien het om die waarde van die spottende gesegde te kan verstaan.

5.5.4. Advokaat

Die satirikus word ook as 'n advokaat gesien. Hy of sy tree as advokaat op ter wille van die korrekte en die ideale. Dit wat nie volgens die ideale is nie moet beveg en duidelik aangetoon word.

Sutherland (1962:15) vra die volgende vraag:

What then does the satirist see? not the truth, but one aspect of the truth; not the whole man but one side of him. He is the advocate pleading a cause and to secure our agreement he is prepared to ignore much of the evidence and exaggerate the rest.

Die spotter is die advokaat wat die verkeerde uitwys. Dit vind plaas deur die afwyking op te blaas en deur oorbeklemtoning die aandag daarop te vestig. Die gespottene, wat wel groot ore mag hê, se mooi vel of oë word heeltemal misgekyk sodat die aandag op die afwyking van die norme of standarde gevestig word soos voorbeeld 66:

O bēilē ditsēbē e kare makgare a legapu. (Nr.66)

(Jy het ore soos waatlemoenskilte.)

Ter inligting moet vermeld word dat waatlemoene nie deur die Tswanakinders in skywe gesny word soos Westerlinge dit doen nie maar dat 'n waatlemoen sag op die

grond gegooi word sodat dit kraak of oop bars en dus groot stukke vorm. Dit is hierdie hol stukke wat nadat dit uitgeëet is, soos groot ore lyk.

Wie en wat die satirikus en ook die spotter as satirikus volgens hierdie studie is, word baie goed saamgevat deur Walters (1984:117-119) in die volgende vyf punte:

- 1) Deur die aard van die satire, is hy, moet hy noodwendig, eerlik en opreg wees in die kuns wat hy beoefen.
- 2) Hy handhaaf 'n eenvoudige taal, vol idiomatiese en soms dialektiese uitdrukkings. Self vestig hy die aandag op sy eenvoudige styl en voorkeur vir eenvoudige terme om eenvoudige waarhede in uit te druk.
- 3) Hy is 'n moralis en wy hom nie aan verhewe spekulasies oor die goeie en die kwade nie. By hom is daar geen twyfel of onsekerheid nie - hy weet wat reg en verkeerd is.
- 4) Hy is 'n noukeurige waarnemer en 'n verantwoordelike kritikus van die mens en sy doen en late.
- 5) Hy word gedryf tot protes wanneer hy gekonfronteer word met menslike tekortkominge.

Bogenoemde vyf punte is beskrywend van die Tswanakind as beoefenaar van spotterny.

5.6. DIE SATIRIESE OBJEK

Die satirikus het altyd een of ander objek vir die beoefening van satire. Die satire is altyd teen iets of iemand gerig. Venter (1973:17) voer aan dat:

Die militante aard van satire vertelhouing impliseer dat die satirikus altyd iets of iemand tot objek van sy aanval maak.

Walters (1986:22) is van mening dat die objek van die satire in die werklikheid moet bestaan of moes bestaan het. Die objek van die satire kan dus nie iets vaags wees nie maar moet erkenbaar en duidelik wees. Walters (1984:110) redeneer verder deur te noem dat:

Die mense wat gekritiseer word, moet dus werklike mense wees en die temas wat gehanteer word, kan so wyd soos die mensheid self, maar dit moet herkenbaar outentiek wees.

Die objekte wat deur die spotter in spotterny gebruik word is in figuur 8 uiteengesit. Die onderwerpe van bespotting moet sigbaar en bekend wees aan al die beoefenaars van spotterny. Walters (1984:112) maak die stelling dat:

Satire handel gewoonlik oor misbruike en stommiteite wat in die daaglikse bestaan tegekom word. Sommige onderwerpe is egter meer populêr en geslaagd as ander.

Dit blyk duidelik uit die lys van spottende gesegdes dat daar onderwerpe is wat meer populêr is as ander. Die hooftemas van bespotting is naamlik:

1. Liggaamsdele (66,66%)
2. Voorkoms (28,36%)
3. Kleredrag (3,54%)
4. Optrede (0,70%)
5. Eiendom of woonomgewing(0,70%).

Liggaamsdele, voorkoms en kleredrag en is meer populêre temas as optrede, woonplek of omgewing.

Die bekende of die onmiddellike konteks word in die spottende gesegdes verkies bo die onbekende of vreemde konteks. Die spottende gesegde waar die vergelyking uit die onmiddellike konteks geneem is, is meer effektief en die gehoor/beoordelaars kan die beeld maklik visualiseer.

Walters (1984:113) beskryf hierdie tendens soos volg:

As die satire wil slaag, moet die onderwerp of die slagoffer uitkenbaar wees. Die soort satire wat soos 'n spieël is waarin die kyker altyd iemand anders se gesig sien, is nie suksesvolle satire nie.

Pretorius (1992:464-465) wys daarop dat die satirikus uiteenlopende onderwerpe kan hanteer. Daar word verder beweer dat:

Die soort onderwerp wat die satirikus kies, is altyd konkreet, altyd aktueel, dikwels persoonlik, ...

Die spotter moet nie in die lug spot en enige reaksie verwag nie, hy/sy moet konkreet en op die man af spot om sodoende effektief te kan spot.

5.7. KENMERKE VAN DIE SATIRIESE TAAL EN STYL

In die satire kom verskillende taal- en stylkenmerke voor wat telkens gebruik word deur die sender om die beoogde effek en reaksie te verkry. Uitstaande kenmerke van satire is dat die volgende teenwoordig moet wees:

5.7.1. Lag, humor en geestigheid

Cameron (1978:15) sê dat die mees algemene kenmerke in satire lag, humor en geestigheid blyk te wees. Die treffende vergelykings is die draers van lag, humor en geestigheid by spotterny. Die reaksie van die gehoor/beoordelaars toon aan dat lag, humor en geestigheid in spotterny teenwoordig is.

Nadat daar gelag is vir 'n spottende gesegde reageer een van die gehoor/beoordelaars byvoorbeeld soos volg:(Vergelyk Bylaag B)

O go sentsê, bogolo o yê go tsêna fa tlase ga bêtê go bôna dinta. (Nr.144)

(Hy het gemors met jou, jy moet liewers onder die bed gaan inkruip en vlooië kyk.)

5.7.2. 'n Kritiese gees

'n Volgende kenmerk word soos volg deur Du Plessis (1963:10) beskryf:

By satire word 'n kritiese gees veronderstel, dit handel oor die werklikheid en is dus aktueel. Ewels word geopenbaar, meestal op persoonlike polemiese wyse, en 'n komiese inslag word aangetref in ironiese voorstellings.

Al die spottende gesegdes bevat 'n kritiese gees, dit wat nie volgens die standarde en norme van die groep is nie, word gekritiseer deur daarmee te spot. Byvoorbeeld:

O mpêêtse setlhakô e kete se ka re halo! (Nr.139)

(Jy het 'n skoen wat lyk asof dit halo kan sê!)

Die gespottene se skoen is stukkend, daarom word dit spottenderwys gekritiseer.

5.7.3. Afwykende en kru taalgebruik

Pretorius (1992:465) noem die volgende kenmerke:

Tot die satiriese taal behoort o.a. ook gemene, selfs smerige en brutale woorde, antiliterêre, plat omgangstaal, taboe-uitdrukkings, obsene beeldspraak,

Indien die gemoedere hoog loop en die humeure bietjie opvlam gebeur dit dat die taalgebruik by spotterny afwykend en kru raak. Byvoorbeeld:

Molômo wa gago e kare sebono sa koko. (Nr.32)

(Jou mond lyk soos 'n hoender se anus.)

5.7.4. Alledaagse en verstaanbare taal

Walters (1984:120) beweer op sy beurt dat as die taalgebruik van die satire die alledaagse is wat geversifiseer is, dan is dit logies dat die eenvoud ook nagestreef sal word wat die styl betref. Die styl van satire is nie ingewikkeld en metafories nie aangesien die doel nie is om die inhoud te kamoufleer nie maar om dit verstaanbaar en duidelik te stel. Dit is ook die geval by spotterny.

Walters (1984:119) beklemtoon hierdie feit en noem dat die taal nooit "formeel en vol clichés" is nie."

Snyman (1983:175) is van mening dat:

By die satire toon die spreker 'n graad van opregtheid in sy taalaanbod, m.a.w. die taalaanbod is redelik direk(daarom minder subtiel) In sy effek op sy hoorder is die satirikus relevant, ook vanweë sy direktheid.

5.7.5. Gestruktureerde styl

In satire, soos ook die geval met spotterny, is die styl eenvoudig maar nie sonder struktuur nie. Hierdie toedrag van sake word deur Walters (1984:120) beklemtoon:

Die styl is dikwels los maar, nie ordeloos nie

In Hoofstuk 4 is aangetoon dat daar by spotterny 'n bepaalde vaste struktuur en patroon bestaan en dat die taal eenvoudig en alledaags is.

5.7.6. Hiperbool

'n Kenmerk wat deur Cameron (1978:8) genoem word is dat direkte satire se kenmerk gewoonlik skeldtaal en hiperbool is, dit wil sê direkte en opsetlike oordrywing byvoorbeeld:

O beilê dinko e kare mesima ya dipêba.(Nr.49)

(Jy neusgate wat lyk soos muisgate.)

Die persoon se neusgate kan onmoontlik nie so groot soos muisgate wees nie, maar deur die oordrywing word die spottende gesegde treffend en effektief. Hierdie kenmerk word algemeen in spottende gesegdes aangetref om 'n liggaamsdeel of iets wat afwykend is uit te wys en te beklemtoon.

5.7.7. Kort en bondig

Die laaste kenmerk wat hier aangeraak word is die feit dat satire nie lank en uitgerekte werke inhou nie, maar dat die satire gewoonlik korter werke is. Die satire is kort aangesien dit nie lang omslagtige taal insluit nie maar reguit en op die man af is. Cameron (1978:26) beweer dat:

Allerweë erken word dat, hoewel die satirikus nie groot letterkunde skryf nie, dit tog oorspronklik en gedenkwaardig is en 'n uitdaging en 'n protes inhou.

Spottende gesegdes is een tot twee reëltjies lank.

In aansluiting by die taal en styl van satire word die boustene of wapens wat deur die satirikus gebruik word ook ondersoek.

5.8. SATIRIESE BOUSTENE EN WAPENS

Die satirikus het verskillende wapens wat hy of sy kan aanwend in die skepping van satire. Dit is soos 'n arsenaal wat hy of sy moet kan gebruik om effektief sy of haar doelwit te kan bereik.

Pretorius (1992:465) noem die volgende as wapens van satire:

geestigheid("wit"), sarkasme, ironie, sinisme, paradoks, antitese, parodie, anti-klimaks, die spel met ongeruimdhede, oordrywing, verdraaiing, karikaturisering, die burleske, skeldtaal.

Pretorius (1992:465) gaan ook verder en beweer dat om 'n suksesvolle satirikus te wees, 'n enorme uitgebreide woordeskat vereis word. Hierdie is 'n stelling wat ook die sukses van spotterny bepaal aangesien die spotter 'n uitgebreide woordeskat tesame met 'n goeie verbeelding en taalvaardigheid moet hê om goeie spottende gesegdes te kan skep.

Cameron (1978:26) beweer dat:

Die satirikus wil hê dat ons die bedrewenheid waarmee hy die wapens van satire hanteer, sal bewonder en hom as kunstenaar en satire as kuns sal erken.

Die wapens van satire word verskillend aangewend, sommige satirici maak meer van sekere wapens gebruik as ander. Net so sal die spotter die wapens aanwend wat hy of sy die beste bemeester en die beste effek mee kan kry. Walters (1984:124) noem die volgende omtrent wapens van satire:

Sommige is ongetwyfeld belangriker as ander, maar die oorheersende gebruik word bepaal deur die satirikus self en die spesifieke doelwit wat hy nastrewe.

Vervolgens sal die boustene en wapens van satire wat in spotterny aangetref is aandag geniet. Dit word egter nie in orde van belangrikheid bespreek nie aangesien die belangrikheid van dié wapens van satirikus tot satirikus en van situasie tot situasie verskil.

5.8.1. Hiperbool (oordrywing)

Die hiperbool is reeds onder satiriese taal en styl bespreek maar aangesien dit 'n belangrike bousteen en wapen van satire is, word dit ook hier meer omvattend bespreek.

Venter (1973:32) noem dat die hiperbool satiries gebruik word indien die negatiewe van die deelobjek oorbelig word en die positiewe aspekte daarvan onderbelig word.

In die volgende twee voorbeelde waar met betrokkenes se koppe gespot word is dit duidelik dat hier van oordrywing sprake is want 'n mens se kop kan tog nie so skerp of spits soos 'n byl wees nie en ook nie so groot soos die van 'n bul wees nie.

Byvoorbeeld:

O mpêêtse tlhôngô e le molôdi e kare selêpê. (Nr.19)

(Jy het 'n skerp kop soos 'n byl.)

O mpêêtse tlhôngô e kima e kare ya pôô. (Nr.20)

(Jy het so groot kop wat lyk soos die van 'n bul.)

5.8.2. Litotes

Litotes word gesien as die teenpool van hiperbool naamlik sagstelling. Dinge word dus sagter en nie so skerp en kras gestel nie. Walters (1984:126) spesifiseer dat:

Hierdie stylfiguur funksioneer in die satire soos die ironie deur iets met opset swakker of minder treffend voor te stel ...

Byvoorbeeld:

Molômo wa gago e kete ntswapêtla ya koko. (Nr.31)

(Jou mond lyk soos 'n hoender se anus("uitkomgat")).

Die woord "ntswapetla (uitkomgat)" word gebruik eerder as die regte woord "sebono (anus)" wat wel in ander voorbeelde gebruik word. Die woord word dus sagter gestel as wat die bedoeling is.

5.8.3. Reduksie

Hodgart (1969:118) definieer reduksie as:

.... the device for belittling or cutting down to size. the degradation or devaluation of the victim by reducing his stature and dignity.

Al die voorbeelde (Sien Bylaag A) is hier van toepassing aangesien reduksie een van die vernaamste doelwitte van spotterny is. Deurdat groeplede mekaar spot reduceer hulle ook ander se "*stature and dignity*"

5.8.4. Bespotting

Soos die benaming vir die verskynsel naamlik spotterny en spottende gesegdes ook aandui is bespotting dus 'n belangrike deel daarvan. Al die voorbeelde wat versamel is dien as voorbeelde van bespotting.

Snyman (1983:176) beweer die volgende met verwysing na satire:

... dit bespot, dit gebruik die groteske en die absurde, dit wil selfversekerdheid aantas ...

Snyman (1983:175) beweer dat:

Hoe meer die +SPOT(-element) bykom, hoe meer satiries; hoe meer die groteske(humor) en die absurde as deel van die taalaanbod funksioneer, hoe meer satiries ...

Die beskrywendste aanhaling in verband met bespotting is sekerlik die volgende deur Walters (1984:129) naamlik:

Bespotting kan 'n effektiewe en gevreesde wapen wees in die hande van die satirikus. Dikwels word daar met bespotting meer bereik as met ernstige retoriek en teregwysing.

5.8.5. Parodiëring

Parodiëring kan as belaglikmaking beskryf word. Dit is ook 'n effek wat die spotter wil verkry. Die lag na die belaglikmaking vervul by spotterny 'n belangrike deel naamlik dat dit die manier is waarop die gehoor/beoordelaars reageer en sodoende die spottende gesegde beoordeel. Dus, hoe belaglikker die spottende gesegde of te wel die beeldspraak daarin is, hoe beter die reaksie wat verkry word en hoe beter vir die spotter om as baasspotter uit die stryd te tree.

Die gehoor/beoordelaars se reaksie op 'n spottende gesegde behels dat hulle na die uitspraak van 'n spottende gesegde kommentaar lewer.

Byvoorbeeld:

Waiiii!, o kgalwa ke ngwana gore o bê o itlhobogê. (Nr.146)

(Waiiii!, jy word gespot deur hierdie kind dat jy moet opgee.)

Walters (1984:129) vat parodiëring soos volg saam:

Dit moet foute uitwys en oordryf, swakhede beklemtoon en oorbeklemtoon totdat die oorspronklike, d.w.s. die oorspronklike literêre kunswerk, belaglik voorkom. Parodie is dus net satiries as dit destruktief is.

5.8.6. Invektief

Walters (1984:130) sê dat die invektief, 'n oordrewe, direkte aanval is waarin die drang om te genees heeltemal oorskadu word deur die drang om te vernietig. Dit is

afkeurend, honend, selfs beledigend en lasterend van aard. Hierdie satiriese wapen word gewoonlik in spotterny aangetref waar die gemoedere hoog loop en die emosie opvlam. Dit is wanneer daar van skerp en onaanvaarbare taal gebruik gemaak word soos byvoorbeeld:

Molômo wa gago e kare sebono sa koko. (Nr.32)

(Jou mond lyk soos 'n hoender se anus.)

5.8.7. Geestigheid

Geestigheid of grappigheid is dit wat in Engels bekend staan as "wit" en "witty". Dit word volgens Schutte (1992:141) soos volg te weeg gebring:

Uiteenlopende sake word naas mekaar geplaas op die grondslag van 'n ooreenkoms wat ontdek kan word, waardeur 'n verband tussen die sake gesien word, en vandaar die treffende segging.

Om geestigheid tot gevolg te hê moet die skepper "bedeel" wees met die gawe om 'n onverwagte ooreenkoms raak te sien tussen ideë wat nie gewoonlik verbind word nie en die vermoë om dit in oorspronklike, sprankelende styl kernagtig uit te druk. (HAT, 1994:247)

Walters (1984:131) wys daarop dat geestigheid in die satire totaal verbind is met 'n sekere verbale vernuftigheid en woordvaardigheid, gepaste frasering en die vermoë om verrassende kontraste te skep. Hy verduidelik dat indien die satirikus hierdie vermoë besit, dit as stylfiguur gebruik word om die slagoffer te intimideer, belaglik voor te stel en te verwond - en verras hy terselfdertyd die leser deur die spitsvondige taalwendinge wat dit lewer.

Bogenoemde aanhalings en verwysing na wat geestigheid is en hoe dit verkry word bewys die gelag tydens spotterny. Toepaslike voorbeelde kan genoem word om die geestigheid in spottende gesegdes aan te toon. Die aanhaling deur Schutte (1992:141) verwys na die uiteenlopende sake wat vergelyk word, en die enkele ooreenkomste of verbande wat sigbaar raak of raakgesien word veroorsaak die geestigheid in spottende gesegdes.

In die volgende voorbeelde word uiteenlopende sake vergelyk:

O bēilê mpa e kare tšhupu ya John Deere. (Nr.22)

(Jy het 'n maag soos 'n John Deere se binneband.)

Ditsêbê tsa gago e kare dikgadika tsa tōnki. (Nr.69)

(Jou ore lyk soos donkiekaiings.)

'n Persoon se maag en 'n John Deere trekker se binneband, ore en donkiekaiings het op die oog af geen verband met mekaar nie maar binne die konteks en met die doel van spotterny voor oë verkry dit nuwe betekenis en word daar onverwagte ooreenkomste en verbande raakgesien. Die geestigheid lê in die blootlegging van hierdie ooreenkomste en verbande.

Spotterny is reeds getipeer as 'n taalspeletjie wat deel is van mondelinge kinderletterkunde. Die volgende aanhaling vanuit Johl (1988:62) toon dat die betekenis van "geestigheid" sinoniem is met die betekenis van "spotterny":

Geestigheid het veral 'n verbale ingesteldheid; die plesier van sy spel lê in sy taalvernuf en taalspel.

Woorde wat ook gebruik word is "verrassing en genot", en Johl (1988:66) noem verder dat "geestigheid het te doen met die grappige".

5.8.8. Sinekdogee

Sinekdogee word deur die HAT (1994:919) beskryf as 'n stylfiguur waarby 'n geheel deur 'n deel aangedui word. By spotterny kan gesê word dat 'n deel van die persoon gespot word maar eintlik die hele persoon. Nichols (1971:25) verwys in 'n bespreking oor satire na sinekdogee. Dit word soos volg gestel:

All satire insofar as it is aggressive, tends to be upsetting. An attack upon a part, even a corrupt part of the whole is likely to be in effect an attack upon the whole.

Sinekdogee vorm dus 'n belangrike deel van spotterny en daar kan met reg gesê word dat dit nie net 'n bousteen is nie maar 'n hoeksteen. Elke spottende gesegde kan hier as voorbeeld gegee word want al word daar net met 'n lid se hare, neus, ore ensovoorts gespot, word met die hele persoon gespot.

5.8.9. Humor

Walters (1984:115) is van mening dat "suiwer" humor beskou kan word as die vyand van die satire. Gewone lag soos die vir 'n grappie haal die angel uit satire maar satiriese spottende en sarkastiese lag is bevorderend vir die satire. Satiriese lag het 'n rol te speel in die satire.

Davis (1978:soos aangehaal deur Walters 1984:115) merk op dat die satiriese lag "hostile and aggressive" is. Die lag van minagting moet soos Highet (1962:45) self erken, "an edge of bitterness" en ook "scornful amusement or regretful contempt" (Highet 1962:150) bevat.

Walters (1984:116) spreek die volgende uit omtrent die satirikus:

... hy gebruik die satiriese lag omdat dit 'n wapen is, 'n sosiale korrektief. Die oorheersende toon van satire is dus een van grootste erns, want die satirikus lag nie uit blyheid of uit die eenvoud van sy hart nie. Hy lag met veragting.

Pretorius (1992:170) wys daarop dat:

Eers in die 18e eeu word humor met lag geassosieer en die term humoristies gebruik om die joviale, gemoedelike(lag) te onderskei van die satiriese, spottende en bespottende.

Pretorius (1992:171) beweer verder dat humor tradisioneel as meer goedaardig, minder geniepsig, verdraagsamer gesien is as geestigheid("wit"), en die humoris as jovialer, vriendeliker en 'n positiewer waarnemer van die menslike onvolkomenhede as die satirikus.

Die lag wat by spotterny aangetref word val ook in die kategorie van satiriese lag. Die lag is spottend en verkleinerend. Die gespottene word verneder en die spotter se status word verbeter indien 'n treffende spottende gesegde uitgespreek is. Die satiriese lag het dus twee funksies by spotterny naamlik dat dit die gespottene bespot en die blootgelegde tekortkoming uitlag, en dit dien as meetinstrument wat die sukses van die spotter se poging aandui.

5.8.10. Ironie

Walters (1984:125) vestig die aandag daarop dat:

Omtrent elke satire maak gebruik van ironie - wisselend van breë sarkasme tot die uiterste sagstelling van litotes.

Hy haal ook vir Clark aan wat aanvoer dat ironie "the most characteristic of all the satirist's weapons" bly. (1984:125)

Pretorius (1992:191) verduidelik dat:

Ten einde te slaag, moet die ironiese uiting 'n aanduiding bevat dat dit wat gesê word binne die bepaalde konteks 'n verhulde betekenis het en nie letterlik opgeneem moet word nie.

Byvoorbeeld:

O mpêêtse maoto e kare mosha o ithuta go betsa pêênêlti. (Nr.89)

(Jou voete lyk soos die van 'n meerkat wat leer om 'n strafdoel te skop.)

Die ironie lê daarin dat die spottende gesegde nie letterlik opgeneem moet word nie want waar sal 'n meerkat nou leer om 'n strafdoel te skop.

5.8.11. Sarkasme

Sarkasme is 'n bousteen wat nie altyd by spotterny aanwesig is nie, maar word wel aangetref wanneer gemoedere opvlam en die spotterny meer persoonlik en skertsend raak.

Snyman (1983:180) merk op dat sarkasme deel uitmaak van satire en dat:

Soos die satire het die sarkasme ook 'n bespottende toon, en verwerklik dit ook nie die presupposisie van rasionaliteit nie. Satire lê uitermate klem op trefhandeling,... sarkasme verloor wel nie die trefpunt uit die oog nie - dit wil seermaak, skok of 'n ongeruimdheid amper "geweldadig" aan die kaak stel.

Snyman (1983:181) lig een belangrike verskil tussen satire en sarkasme soos volg toe:

By die sarkasme ontbreek die korrekatief wat by die satire uiters noodsaaklik is om die "aanval" 'n wye trefkrag te gee en te verhinder dat dit "persoonlik" klink.

Walters (1984:126) spel 'n ander verskil uit naamlik dat sarkasme "*altyd persoonlik en altyd bedoel om seer te maak*". Spotterny is nie altyd persoonlik nie en het 'n

korrektiewe didaktiese funksie. Voorbeelde is hier moeilik aan te toon aangesien enige voorbeeld met 'n klein verskil in stemtoon of klem sarkasties kan wees of nie.

5.8.12. Beeldspraak

Beeldspraak met sy verskillende manifestasies naamlik vergelyking en metafoor is nog 'n belangrike wapen van die satirikus. Beeldspraak vorm sekerlik die belangrikste bousteen van satire in spotterny. Beeldspraak sal dus vollediger bespreek word as al bogenoemde boustone of wapens van satire.

Scott (1967:135) stel met verwysing na beeldspraak en die digter as skepper van beeldspraak die volgende:

The poet is also a maker of pictures in words.... he describes and makes us see and hear the thing itself.

Die beskrywing van Scott (1967:135) verklaar ook waarom beeldspraak so 'n belangrike deel van spotterny uitmaak. Die spotter skep 'n beeld by sy slagoffer, gehoor en beoordelaars om sodoende die afwyking snaaks en lagwekkend voor te stel. Hy poog dus om 'n prentjie in hulle gedagtes op te roep. Hierdie prentjie moet egter bekend wees en uit die lede in die groep se agtergrond en konteks kom. Dit is andersins nie effektief nie. Die beeld is nie altyd ooglopend en glashelder nie maar daardeur verkry die spotter meer reaksie indien die lede in die groep die kloutjie by die oor gevoeg kry. Die spotter gebruik dus vergelykings wat nie verwag is of word nie.

Nienaber-Luitingh (1962:79) verduidelik die werking van beeldspraak soos volg:

Die werking van beeldspraak lê in die onverwagte, nuwe blootlegging van besonderhede, waardeur dit 'n felle indruk maak.

Empson (1973:45) beweer dat trefkrag juis setel in die spanning wat gegenereer word as 'n verband gelê word waar die verhouding nie voor-die-hand-liggend is nie.

Deur elisie soos gesien kan word uit die volgende voorbeeld word die beeld ietwat verswyg.

O bēilê tlhōgō e le tona kete kgōmo e ngadilê furu. (Nr.17)

(Jy het 'n groot kop wat lyk soos **die van** 'n bees wat kwaad is vir die voer)

In die Tswana voorbeeld is die "die van" wat vetgedruk is in die vertaling uitgelaat, dus word die persoon se kop nie net met die bees se kop vergelyk nie maar somer met die hele bees.

5.8.12.1. Funksies van beeldspraak

Beeldspraak vervul 'n besondere funksie. Vestdijk (1956:171) het die volgende as funksies van beeldspraak voorgehou naamlik:

I. Verduidelikingsfunksie

II. Verrykingsfunksie

III. Konsentreringsfunksie

IV. Verfraaiingsfunksie.

Van Staden (1980:4) voeg die volgende by en noem dat beeldspraak die volgende inhoud:

- 1) Klem lê op beeldingsvermoeë - plastiek van woorde.
- 2) Klem lê op die figuurlike, oordragtelike of nie-alledaagse betekenisaspekte van die woorde.
- 3) Dit moet die verborge eendersheid tussen twee verskillende sake beklemtoon.
- 4) Tred hou met die werklikheid, maar tog moet dit 'n verbeeldingsvlug wees. Die beeld moet nie so verbeeldingryk wees dat dit vir die hoorder onverstaanbaar is nie.
- 5) Dit moet 'n beroep doen op die verbeelding en verstand van die hoorder.

Indien die spotter die ideale spottende gesegde wil uitspreek is bogenoemde vyf punte soos genoem deur Van Staden baie belangrik. Neem maar die volgende drie voorbeelde ter verduideliking:

O mpêêtse letsôgô le le magwata e kare gôpane. (Nr.4)

(Jou hand is so skurf soos 'n turksvy)

Letsôgônyana la gago e kare tlhakwana ya tshêpê. (Nr.5)

(Jou handjie lyk soos 'n springbok se kloutjie.)

Letsôgônyana la gago e kare twêrêtwêrê e kopa lêfê. (Nr.6)

(Jy het 'n handjie wat lyk soos die van 'n kwikstêrtjie wat geleentheid vra.)

Die vyf punte soos deur Van Staden (1980:4) gestel kry soos volg gestalte in die spottende gesegdes:

- I. Die beeldingsvermoeë van die spotter kom aan die lig met die skepping van die spottende gesegdes.
- II. Die gesegdes moet nie letterlik gesien word nie maar figuurlik anders maak dit geen sin nie.
- III. Daar bestaan verder 'n verborge eendersheid in die beelde wat gebruik word.
- IV. Die beelde is verbeeldingryk maar nie so erg dat die gespottene, gehoor/beoordelaars nie kan verstaan nie en hou wel tred met die werklikheid.
- V. Beelde wat gebruik word laat die ontvangers dink aangesien hulle die beeld en die onderwerp van bespottings bymekaar moet bring en om dit te vermag moet hul verbeelding gebruik word.

Van Staden (1980:108) het die volgende toetse voorgestel waarvolgens beeldspraak geïdentifiseer kan word.

5.8.12.2. Toets vir identifikasie van beeldspraak

Toets 1:

Woorde moet selfstandig beteken

Toets 2:

Woorde wat selfstandig beteken moet poliseem wees.

Toets 3:

Is woorde konjunk of disjunk gebruik.

Toets 4:

Stel figuurlike parallelisme vas om tenor of primêre term te bepaal.

Toets 5:

Stel komparatiewe vas. Indien daar 'n komparatief afwesig is, is dit 'n metafoor. As dit teenwoordig is, is dit 'n metafoor of 'n vergelyking.

Al die versamelde voorbeelde van spottende gesegdes het komparatiewe in en volgens toets 5 van Van Staden moet dit metafore of vergelykings wees. Die spottende gesegdes is duidelik en bevat geen beknopte vergelykings nie

5.8.12.3. Die vergelyking as tipe beeldspraak

Die vergelyking is dié belangrikste vorm van beeldspraak by spotterny en is ook 'n belangrike bousteen en wapen van die satirikus en van die spotter tydens spotterny.

Van Staden (1980:27) is van mening dat die hoof funksie van die vergelyking as vorm van beeldspraak is om 'n prent of beeld voor die geestes oog op te roep. Dit wat van gepraat word, word dus in die geestes oog verkonkretiseer. Odendaal et al (1979:71) sê dat:

Die kunstenaar gebruik konkrete beelde om sy gedagtes oor te dra. Daar moet 'n ooreenkoms tussen die voorwerpe wees wat vergelyk word, sodanig dat die beeld daardie ooreenkoms kan toelig. Die vergelyking is 'n stylfiguur waarby 2 dinge met mekaar vergelyk word.

Pretorius (1989:37) noem dat vergelykings getref word tussen twee dinge wat in alle opsigte verskil behalwe in een spesifieke karakteristiek wat dit in gemeen het. Dit word gewoonlik gekenmerk deur figuurlike betekenis. bv. Monna ke tlou (Die man is 'n olifant) - metafoor, Monna o mogolo jaaka tlou (Die man is so groot soos 'n olifant) - vergelyking.

Net een aspek nl. grootte van die olifant is vergelyk met die van die man. Die man is nie letterlik so groot soos 'n olifant nie maar die figuurlike betekenis impliseer die grootte van die man. By die metafoor is die vergelyking implisiet maar by die vergelyking waar 'n komparatief teenwoordig is, is die vergelyking eksplisiet. By die metafoor kan die man vergelyk word met verskeie eienskappe van 'n olifant. Die vergelyking word gekenmerk daardeur dat die twee aspekte wat vergelyk word deur 'n komparatief geskei word. Dit is dan ook die geval by spottende gesegdes. Die onderwerp van bespotting en die beeld waarmee dit vergelyk word, word geskei deur 'n komparatief.

5.8.12.4. Eienskappe van die vergelyking

Daar is reeds na verskeie eienskappe van vergelykings verwys. Van Staden (1980:14) het die eienskappe van 'n vergelyking saamgevat in die volgende vier hoofeienskappe.

1. Twee sake word figuurlik eksplisiet met mekaar vergelyk.
2. Twee sake word deur 'n vergelykingswoord (komparatief) geskei.
3. Die teenwoordigheid van 'n komparatief is nie genoegsame bewys dat 'n bepaalde uiting 'n vergelyking is nie.
4. Daar moet 'n verskil en 'n ooreenkoms tussen die sake bestaan.

Die spottende gesegdes toon dat dit voldoen aan al die eienskappe soos gestel deur Van Staden (1980:14). In die spottende gesegdes word twee sake eksplisiet vergelyk, deur 'n komparatief geskei en daar bestaan verskille en ooreenkomste tussen die sake wat vergelyk word alhoewel sommige voorbeelde nie eksplisiete vergelykings is nie. Byvoorbeeld:

Nkô ya gagwê e kare e ka kwala. (Nr.44)

(Jou neus lyk asof hy kan skryf.)

O bēilē ditsēbē e kare mmutla a lēlēkisiwa ke dintswa. (Nr.72)

(Jy het ore soos die van 'n haas wat deur honde gejaag word.)

In voorbeeld 44 word al die eienskappe aangetref en dit is duidelik dat daar nie 'n eksplisiete vergelyking tussen twee sake is nie. In voorbeeld 72 word daar twee sake eksplisiet vergelyk naamlik die lid se ore en die ore van 'n haas wat deur honde gejaag word. Daar bestaan ooreenkomste tussen die twee ore waarvan hier gepraat word maar daar is terselfdertyd verskille ter sprake.

5.8.12.5. Die ontleding van die spottende gesegde as vergelyking

Die vergelyking soos dit in spotterny aangetref word het 'n vaste patroon as na die struktuur daarvan gekyk word. Die struktuur is reeds sintakties in Hoofstuk 4 ontleed. Volgens Van Staden (1985:19-20) kan die vergelyking verdeel word in 'n primêre term, mediator, komparatief, sekondêre term en kwalifikatiewe bepalinge of

deskriptiewe bepalings by die primêre of sekondêre terme. Die volgende voorbeeld dui aan hoe dit gedoen word:

O mokima e kare kolobê e tlhapêla mô serêtsêng. (Nr.118)

(Jy is so vet jy lyk soos 'n vark wat in modder bad.)

1	2	3	4	5
O /	mokima /	e kare /	kolobe /	e tlhapêla mô serêtsêng.

1 - Primêre term

2 - Mediator wat figuurlike parallelisme stig

3 - Komparatief wat op paralellisme dui.

4 - Sekondêre term wat die figuurlike parallelisme met primêre term vorm.

5 - Kwalifikatiewe bepaling /deskr. by sekondêre term.

4+5 - Sekondêre groep

Die primêre term in die spottende gesegdes is 'n onderwerpskakel. Dit stem ooreen met die volgende stelling deur Van Staden (1980:114):

Primêre term word in baie Tswana voorbeelde nie genoem nie maar slegs na verwys d.m.v. 'n onderwerpskakel.

Oor bogenoemde ontleding en benoeming bemerk Van Staden (1980:112) voorts dat:

'n Vergelyking berus op eksplisiete parallelisme. Die primêre term en sekondêre term word deur 'n komparatief geskei, terwyl 'n mediator help om die figuurlike parallelisme te beklemtoon.

Die spottende gesegdes kan almal volgens Van Staden (1980:112) se uiteensetting van beeldspraak, uiteengesit word aangesien daar 'n vaste formulematigheid by die versamelde spottende gesegdes bestaan.

5.8.13. Metafoor

Venter (1973:123) beskryf ook satiriese wapens en dit word soos volg gestel:

'n Metafoor kan soos die vergelyking as satiriese wapen gebruik word. Iets soos "A is 'n leeu" kan teruggevoer word tot verskillende vergelykings (bv. sterk soos, wreed soos, ens.) 'n Metafoor is satiries indien die skrywer die leser verplig om dit in verband te bring met die negatiewe aspekte van die vergelykingsobjek.

Byvoorbeeld:

Nkô ya gagwê e kare e ka kwala. (Nr.44)

(Jou neus lyk asof hy kan skryf.)

Die neus van die lid word nie eksplisiet met iets vergelyk nie maar wel implisiet. Hier is wel iets ter sprake wat kan skryf byvoorbeeld 'n pen of 'n potlood maar dit word nie pertinent genoem nie. Die konteks of die persoon se neus se lengte sal bepalend wees vir dit wat eintlik bedoel word. In dié metafoor kan die beeld wat ter sprake is nou 'n pen of enige ander bekende skryfding van 'n bepaalde lengte wees. Die gegewe veroorsaak dus dubbelsinnigheid.

Snyman (1983:151) vermeld in die verband die volgende:

Metafoor toon dubbelsinnigheid in die sin van meerduidige referensialiteite.

Die konteks speel by die gebruik van 'n metafoor by spottende gesegdes 'n baie belangrike funksie aangesien daar geen dubbelsinnigheid tydens die beoefening van spotterny mag bestaan nie. Die effektiwiteit van die spottende gesegde soos uitgespreek deur die spotter lei daaronder indien die gespottene en die gehoor/-beoordelaars nie presies weet waarvan gepraat word nie.

Die verskil in die werking van 'n metafoor en 'n vergelyking word deur Venter (1973:33) uitgewys in die beskrywing van die werking van 'n vergelyking. Die teenoorgestelde is dan waar omtrent die metafoor. Dit word as volg getsetel:

'n Vergelyking werk as 'n vorm van beeldspraak verhelderend, omdat die onbekende op grond van die bekende (of dit wat as bekend veronderstel word) verklaar word.

5.8.14. Personifikasie

Die HAT (1994:794) beskryf personifikasie soos volg:

"Personifikasie is 'n stylfiguur waarin 'n ding of begrip as 'n persoon voorgestel word."

Die definisie van Pretorius (1989:42) beaam bogenoemde en lui soos volg:

"'n Tipe beeld wat menslike deugde gee aan nie lewende dinge of diere."

Personifikasie is nog 'n wapen van die satirikus en die spotter as satirikus. Die objek of persoon wat aangespreek word word vergelyk of gelyk gestel aan een of ander dier om die negatiewe te kan aantoon. Die klem moet dus op die negatiewe gelê word om dit effektief as wapen van satire te kan gebruik. Personifikasie word met groot vrug aangewend in die spottende gesegdes. Die volgende voorbeelde toon die menslike deugde wat aan diere gegee is:

Sehuba sa gago e kare tontôsane e itekanya hêmpê. (Nr.1)

(Jou bors lyk soos 'n kwikstertjie wat 'n hemp aanpas.)

Letsôgônyana la gago e kare twêrêtwêrê e kopa lêfê. (Nr.6)

(Jy het 'n handjie wat lyk soos die van 'n kwikstertjie wat geleentheid vra.)

Die beeldingrykheid en verbeelding van die spotter word hier bewys wat tot voordeel van sy of haar doel aangewend word naamlik om effektief 'n spottende gesegde uit te kan spreek wat genoegsame reaksie van sy of haar ontvangers sal uitlok. Die gehoor/beoordelaars word baie meer beïndruk met 'n voorbeeld soos hierdie twee as wat 'n ander voorbeeld soos die volgende tot gevolg sou hê:

O mokima e kete o bodilê. (Nr.119)

(Jy is so vet dit lyk asof jy vrot is)

5.9. SAMEVATING

Die spotter as satirikus het dus 'n hele arsenaal van wapens of 'n verskiedenis van boustene wat hy of sy kan aanwend in die skepping van spottende gesegdes. Die bedrewenheid in die aanwending daarvan verskil van individu tot individu. Elke spotter wat aan die beurt kom tydens die beoefening van spotterny ding mee met die ander om as die beste spotter "gekroon" te kan word. Die wenner wat gevolglik die meeste status in die groep sal verkry is die spotter wat die wapens en boustene van satire wat nodig is vir spotterny die beste kan aanwend.



6.1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die funksies en waardes van mondelinge letterkunde en in besonder die van spotterny te omskryf. Aangesien spotterny en die waardes en funksies van spotterny nog nie voorheen opgeteken is nie word die waardes en funksies van verwante vorme bespreek en daarvolgens word dié van spotterny verkry. Die nou verwante vorme waarvan hier melding gemaak word is raaisels, spreekwoorde, gesegdes, kinderrympies, liedjies en volksverhale. Elk van hierdie vorme het hul voortbestaan te danke aan die feit dat dit belangrik geag word en dat dit 'n funksie vervul en van waarde is in die ontwikkeling van die kind.

6.2. FUNKSIES EN WAARDES VAN MONDELINGE LETTERKUNDE EN SPOTTERNY

Die funksies soos genoem deur Lusweti (1984:9-12) sal as basis aangewend word waarby ander skrywers en hul menings ook gevoeg sal word.

6.2.1. Vermaak en tydverdryf

Lusweti (1984:12) beweer dat vermaak:

..... is obviously the most important function of oral literature,

Kinders, as beoefenaars van spotterny, wil vermaak en ook vermaak word. In die beoefening van spotterny is die spotter besig om die gehoor/beoordelaars te vermaak met die spottende gesegdes wat hy uitspreek. Die vermaak wat die spotter verskaf is die taal, rolspel en stemtoon wat hy/sy gebruik en die beelde waarmee die ongeruimdhede vergelyk word.

Die vermaaklikheidsdoel van mondelinge letterkunde word verder deur Lusweti (1984:12) beklemtoon waarby spotterny ook gevoeg kan word:

Any piece of oral literature, whether a story or a song, a riddle or a proverb, must have the immediate value of entertaining the audience.

Spotterny word beoefen wanneer die kinders verveeld is en so dien dit as vorm van tydverdryf. Lusweti (1984:11) sê dat:

When people find themselves bored or frustrated , they sing and dance, and in so doing they become happy once again.

Spotterny vervul ook hierdie funksie.

Ten opsigte van raaisels wat 'n ander nouverwante vorm van mondelinge letterkunde en taalspel is bemark Verster (1986:130) dat:

Ten opsigte van die raaisels se humor en eenvoud dien dit as waardevolle tydverdryf

Schapera (1993:325) sluit daarby aan as hy verwys na raaisels en sê dat:

... the riddle is primarily a form of social pastime, with a dominant competitive element to add zest to the proceedings.

Bogenoemde aanhaling deur Schapera gee 'n aanvaarbare verklaring met betrekking tot spotterny aangesien die kompetisie-element van spotterny ook baie sterk figureer. Die nodige "zest" word by spotterny ook deur die mededinging tussen die betrokkenes veroorsaak.

6.2.2. Onderrig en opvoeding

Lusweti (1984:9) noem dat met die koms van die Westerse opvoeding na Afrika, die aanname gemaak is dat daar in Afrika geen opvoeding plaasvind nie. Later het dit wel aan die lig gekom dat alhoewel die mense van Afrika nie kon skryf nie, daar wel ander media van opvoeding bestaan. Lusweti (1984:9) is van mening dat:

Oral literature plays a major role in the field of education.

Die beoefening van spotterny lewer 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die kind. Die kind leer verskillende dinge onbewustelik deur middel van taalspeletjies soos byvoorbeeld spotterny en raaisels.

Lusweti (1984:10) lig die volgende punte uit wat deur die beoefening van raaisels en dus ook spotterny geleer word:

The riddles teach children the characteristics of the people, plants, animals and other things in their cultural setting, as well as some features of technology and social structure.

Lusweti gaan voort en sê dat:

It provides a medium for dissemination of knowledge, values and attitudes from one generation to another.

Bezuidenhout (1981:135) maak die volgende stelling aangaande spreekwoorde wat ook mondelinge letterkunde is. Hy noem dat spreekwoorde se eerste funksie is "om didakties te wees - dit voed op, dit inspireer, dit waarsku en adviseer." Hierdie is ook 'n funksie van spotterny.

'n Belangrike funksie wat deur Blacking (1993:347) te berde gebring word is dat mondelinge letterkunde onder kinders hulle voorberei en onderrig om later die skoen te staan van skeppers van "groter letterkundes". Dit is letterkundes soos poësie, prosa en drama wat in die kanon van die literêre polistieseem figureer. Hy spreek homself soos volg uit omtrent Venda raaisels:

Just as passages of poetry that have receded into oblivion suddenly assume a new significance and are found to be useful in later life, so Venda riddles serve as an introduction to the technique of milayo(formulae) which everyone must know before passing various rites de passage.

Die aanname kan gemaak word dat die kind as beoefenaar van spotterny in die toekoms kan ontwikkel as byvoorbeeld 'n digter. Die kind wat vroeg in sy lewe die gebruik van poëtiese stylelemente bemeester kan later ontwikkel in die skepper van byvoorbeeld gedigte en prysgedigte of ander woordkunswerke. Deur die taalspeletjie soos spotterny of raaisels bemeester hy vaardighede soos die skepping van treffende beeldspraak, rym, ritme en nog vele meer wat hy later kan aanwend in die skepping van "groter letterkundes".

6.2.3. Sosiale verantwoordelikheid

Sosiale verantwoordelikhied beteken dat die kind geleer word wat reg en wat verkeerd is. Dit vervul dus die funksies van opvoeding en onderrig. Smith (1989:130) wys daarop dat:

Tydens kinderspel leer die kind sosiale vaardighede aan. Hy raak bewus van wat sosiaal aanvaarbare gedrag is. Spel gee ook aan hom die geleentheid om lewenswaardes en norme aan te leer.

Die kind wat aan spotterny deelneem leer om nie dinge te doen wat afwyk van die groep se norme en standarde nie anders word daarmee gespot en word hy of sy in die verleentheid gestel. Die kind moet uit sy foute leer en dit voorkom.

Lusweti (1984:10) het die stelling gemaak dat:

Through proverbs, songs of ridicule, and even riddles and stories, people who misbehave in the community are criticised publicly.

Tydens die beoefening van spotterny word negatiewe aspekte in die groep aangespreek en die skuldige word tot verbetering aangespoor of hy/sy leer sodoende om met die negatiewe te kan saamleef indien daar niks aan gedoen kan word nie.

6.2.4. Sosiale aansien

Die aard en wese van die mens en dus ook die van die kind is sosiale van aard. Die mens soek aanvaarding en erkenning van ander mense. Walters (1984:106) bied hierdie feit soos volg aan:

Nieteenstaande die mens se individualistiese aandrifte en drange, is hy uit sy aard 'n sosiale wese.

'n Kind wat deelneem aan mondelinge letterkunde het sosiale behoeftes wat om bevrediging vra. Smith (1989:132) noem twaalf doelstellings wat 'n kind moet bereik sodat hy uiteindelik meer sinvol en doelgerig kan funksioneer en kan lewe. Die volgende vier is hier ter sprake:

- I. Die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld en identiteit
- II. Die skep van 'n kommunikatiewe verhouding met die medemens
- III. Die ontwikkeling van 'n samewerkende verhouding met portuurs

IV. Die aktiewe inskakeling by die omgewing en gemeenskap

Uit bogenoemde word dit duidelik dat daar, buiten die religieuse, twee belangrike partye in die mens se lewe is naamlik die self en die medemens. Die kind moet 'n goeie selfbeeld ontwikkel maar ter selfde tyd moet hy of sy 'n goeie beeld ontwikkel by die portuurgroep of die mense waarmee hy of sy omgaan.

Spotterny en ander vorme van mondelinge letterkunde gee aan die kind die geleentheid om hom of haarself te bewys in die portuurgroep. Tydens die beoefening van spotterny kompeteer die kinders en so verkry die uithaler spotter in die groep meer status. Blacking (1993:349) beskryf hiedie tendens soos volg:

He can still impress himself upon his fellows, if he wishes, but the means by which he does so contribute as much to the unity of the group as to the enhancement of his own prestige.

6.2.5. Emosionele uitlaatklep

Die spottende gesegdes is soms kras en onsimpatiek om sy doelwitte te bereik want tydens spotterny soos ook met ander vorme van letterkunde word daar dinge gesê wat nie in die alledaagse lewe aanvaar sou word nie. So word daar nie doekies omgedraai wanneer met iemand gespot word nie. Lusweti (1984:10) noem dat by die Tachoni mense van Ndivisi 'n seremonie van *esialukho* bestaan waartydens mense mekaar dinge toesnou wat andersins nie aanvaarbaar sou wees nie. Lusweti stel dit soos volg:

This allows for people to pierce each other (okhuhunana) by expressing deep-seated feelings against those who deviate from accepted social norms.

Die aanhaling van Blacking (1993:348) is net so van toepassing op spotterny en dien as samevatting :

Furthermore , knowledge of riddles equips a child to play a competitive game, and hence to participate more fully in social life; it can give a child self-confidence, and encourage him to tap his resources rather than submit to the burden of apparent difficiencies - all of which are vital factors in the education of the individual for the fulfilment of his role in society.

Lusweti (1984:11) beweer dat:

Songs and dances sometimes provide emotional release from restrictions imposed on the individual by the society.

Kinders wat afgunstig teenoor ander is kry deur die beoefening van spotterny die kans om van hulle emosies ontslae te raak. Wat aanvanklik in 'n gewone gesprek as onaanvaabaar en afkeurend beskou sou word as een kind met 'n ander sou spot, word nou 'n speletjie en kompetisie. Die intensiteit waarmee jy die ander party spot en belaglik voorstel is die meetinstrument wat jou eie status en faam bepaal. Hoe beter jy spot hoe meer styg jou aansien.

Lusweti (1984:11) noem die volgende ten opsigte van grappe:

Ribald jokes, through which people may criticise and laugh at those in power in a way they cannot do normally in speech, are useful as a means of emotional release.

Dit is interessant om daarop te let dat die emosionele uitlaatklep ook manifesteer in ander vorme van letterkunde. Lusweti (1984:11) noem dat:

In songs, such as the Akamba songs and dances of nzaiko, one can say publicly what one could not say privately to a man's face, and so this becomes one of the ways the Akamba people release their emotional tensions.

Die spotter poog om die aandag van hom- of haarself af te kry deur spottende gesegdes uit te spreek. Die poging is om van sy of haar eie probleme te ontsnap. Lusweti (1984:11) stel dit soos volg:

....oral literature reveals man's attempt to escape from his own problems in society, and from the cruelty of fellow men.

Die spotter tree verdedigend op teen die "cruelty of fellow men" wat in die geval die ander lede in die groep is wat nie kan wag dat hulle ook 'n beurt kry om die ander lede te spot nie.

Konfrontasies en bakleiery kan ontstaan as gevolg van kinders wat mekaar spot. Spotterny voorsien dus 'n kanaal of weg wat die angel uit die situasie haal. Verster (1986:132) merk op dat mondelinge letterkunde die volgende veroorsaak:

Dit kan sosiale konflik in onskadelike kanale stuur.

6.2.6. Kulturele kontinuïteit

Tydens spotterny word met dinge wat nie volgens die groep se norme en standarde is nie gespot. Dit sluit aan by wat Adrzejewski (1985:38) na verwys met die volgende:

It is often claimed that oral literature contributes to the upholding of social norms of the society in which it functions.

Die sosiale norme word in stand gehou deur die beoefenaars van spotterny aangesien die afwyking van hierdie norme tot gevolg het dat daarmee gespot word. Spotterny lewer dus 'n bydrae tot die kontinuïteit van sosiale norme.

Die beelde en vergelykings wat deur die spotters gebruik word, word verkry uit die deelnemers se leef- en ervaringswêreld. Beelde wat gebruik word deur een spotter laat ander lede bekende dinge weer op ander maniere sien. Ter selfdertyd leer die deelnemers aan spotterny bymekaar van beelde en vergelykings wat andersins nie die geval sou wees nie. Schapera (1993:328) maak die volgende stelling:

They draw their content from the elements of that culture, they describe the everyday life and the knowledge of the people, ...

6.2.7. Aanvaarding van selfbeeld en verbetering van taal

Indien daar egter met 'n onderwerp gespot word waaraan die kind niks kan verander nie, leer hy of sy om dit te aanvaar. As daar byvoorbeeld met 'n kind se groot ore gespot word is dit die eerste keer baie snaaks maar later is dit nie meer so snaaks nie. Dit is dan wanneer hy of sy aanvaar word met sy of haar tekortkominge.

Die kind waarmee gespot word leer om sy of haar tekortkominge te aanvaar en daarmee saam te leef. Soos reeds genoem is word aanvanklik baie met 'n afwyking van die norm gespot maar gaandeweg word dit nie meer as snaaks gesien nie en word dit so aanvaar. Sodra dit gebeur het kan die kind normaal met sy of haar lewe aangaan en sy of haar plek in die samelewing vol staan.

Smith (1989:130) wys daarop dat die kind homself tydens spel ontdek en bewus raak van sy eie vermoëns en onvermoëns en noem dat:

Hy begin besef wat hy kan en nie kan nie. Sodoende bou hy innerlike sterktes of ego-sterkte op en leer hy om homself na waarde te skat en te aanvaar.

6.3. SAMEVATTING

Die doel van satire is ook die doel van spotterny. As samevatting van die funksie en waarde van spotterny moet egter terug verwys word na die volgende doelstellings van satire naamlik:

- a) Vermaaklikheidsdoel
- b) Doel om tot verbetering of korrektiewe optrede aan te spoor
- c) 'n Aanvalsdoel
- d) Bespotting en speelse doel.

Die agt funksies en waardes wat in hierdie hoofstuk bespreek is sluit sigbaar nou aan by bogenoemde doelstellings van satire. Wie of wat die satirikus is naamlik dat hy of sy 'n didaktikus, moralis, idealis en advokaat is sluit ook ten nouste aan by die funksies en waardes van spotterny wat bespreek is.

Spotterny as vorm van satire vervul 'n belangrike funksie en waarde in die ontwikkeling van die Tswana-kind. Alhoewel die spottende gesegdes taalkundig eenvoudig mag voorkom moet die funksies en waardes daarvan nie onderskat word nie aangesien die semantiese geladenheid daarvan die eenreëlige spottende gesegde baie meer waarde gee. Bogenoemde bespreking wys daarop dat spotterny bestaansreg het en dat dit aangewend kan word in die opvoeding en voorbereiding van die kind tot volwassenheid.

Volwassenes kan spotterny as taalspeletjie aanmoedig en inisiëer sodat die kinders die voordele van spotterny kan smaak. Voordele soos vermaak, onderrig, sosialisering, emosionele ontwikkeling en selfbeeldontwikkeling. Die bestaan en voortbestaan van die beoefening van spotterny by kinders moet dus nie bevraagteken word nie maar eerder aangemoedig word.



7.1 Titel

Spotterny by Tswanakinders: 'n Stukturele benadering.

7.2 Probleemstelling en doelstelling

Die feit dat spotterny nog nie voorheen opgeteken of bestudeer is nie het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die studie het die beantwoording van die volgende vrae ten doel gehad:

- I. Wat is spotterny?
- II. Waar pas spotterny binne die raamwerk van Letterkunde?
- III. Beskik spotterny oor 'n eiesoortige struktuur ten opsigte van:
 - a) Kommunikasie
 - b) Sintaksis
 - c) Satire en beeldspraak?

- I. Het spotterny enige waarde en funksie vir die ontwikkeling van die Tswanakind?

7.3 Gevolgtrekking

Die strukturele benaderingswyse is in die studie gevolg aangesien dit myns insiens die geskikste was ter bereiking van die doelwitte. Die klem het op die volgende vier punte geval naamlik die identifisering, klassifisering, analisering en laastens ook die kombinasie van hierdie drie.

onderriggeleentheid wat nog geensins ten volle benut word nie. Die beoefening van spotterny moet dus bemoedig word tot voordeel van die kinders se ontwikkeling.

7.4 Verdere studiemoontlikhede

Die bestudering en optekening van spotterny as belangrike satiriese mondelinge taalspeletjie van die Tswanakind open dus 'n nuwe veld van mondelinge letterkunde.

Aangesien dit in die Tswanaliteratuur nie voorheen opgeteken of bestudeer is nie, laat spotterny en die spottende gesegdes verskeie moontlikhede tot verdere ondersoek. Enkele studieveldde wat ontsluit is wat tot onderwerp gebring kan word is byvoorbeeld 'n meer in diepte sintaktiese studie van die spottende gesegdes, semantiek van spotterny, diskoersgrammatika van spotterny en die sosiolinguistiek van spotterny. 'n Verdere studiemoontlikheid is ook 'n pragmatiese bestudering van spotterny.